# *Die Sardis Kerktydperk*

. . . die koning. My broer het my pas vertel dat daar hierdie sakdoeke was, vir iemand wat sterwende was aan kanker. So ons sal net binnekort vir hulle bid. [Broer Neville sê: "Daar's twee versoeke reg aan die anderkant."—Red.] Twee versoeke? Goed, ek sal . . . ["Een van hulle. Die een is 'n versoek."] Goed, meneer. En ek sal hulle hier lê om oor hulle ook te bid.

2 En dan het iemand net so pas 'n nota gegee, gekom en 'n nota gegee oor daardie . . . oor die dienste van môre. Julle wat ons hier besoek, ons sal baie bly wees as julle sal afkom in die middag om twee-uur, môremiddag, hulle gaan banddienste hou. En as julle nie enigiets doen nie, sal daar een van die boodskappe wees wat—wat julle nog nooit gehoor het nie, wat gespeel gaan word en biduur gehou word, en—en ons sal net 'n goeie tyd verwag môremiddag om twee-uur. Dit gaan 'n baie besige tyd wees vir my, want môre, sien, moet ek Sondagoggend optel, en ook Sondagaand s'n, en môre-aand s'n ook, en al die geskiedenis van daardie kerke.

3 En nou, Sondagoggend, as die Here wil, verwag ons 'n wonderlike tyd, omdat Sondagoggend ons aftyd is, soort van aftyd van Saterdagaand af . . . is die Laodicése Kerktydperk. Maar Sondagoggend wil ek optel: *Die Slapende Maagd*, en *Die Opstanding, Die vier . . . Honderd Vier-en-Veertigduisend*, en al daardie klein los puntjies, wat die boodskap bymekaarbring vir Sondagoggend. Dienste sal begin om nege-uur. Is dit reg, pastoor? Om nege-uur, Sondagoggend, wat ons al daardie dinge wil optel soos: "Wat word van die slapende maagd, en wat word van die wyse maagd? Wanneer kom hulle terug? Of waar sal die honderd vier-en-veertigduisend verskyn?" En baie sulke dinge vir Sondagoggend, om dit bymekaar te probeer bring, wat dit inpas by hierdie boodskap. En dan sal ons Sondagaand die laaste groot engel en die Boodskap aan die Laodicése optel, Sondagaand, as die Here wil.

4 En nou, dan, môremiddag is die diens hier, 'n banddiens. Broer Gene het my pas vertel dat hulle het . . . ons sal om twee-uur môremiddag begin. En julle mense wat graag wil kom luister na die boodskappe, wil bid om die altaar, julle wat die Heilige Gees soek of iets, wonderlike tyd. Kerk is lekker warm, oop, en gereed vir enigiemand op enige tyd wat wil inkom en bid en die Here soek. Die kerk is oop en in afwagting. En ons is . . . ons sal julle verwag, stel dit so, julle môremiddag verwag.

5 Of op enige tyd wat julle in die kerk wil inkom om te bid, wel, dis altyd gereed. En as hulle dalk gebeur dat, die deure gesluit is of iets, net oorkant die straat daar, my broer, wat die opsigter

hier is. Ek dink dis 411, ek glo dat. . . Of 811 (is dit. . .?) 811, net omtrent oorkruis van die kerk hier, 811. Wel hy, die. . . sy vrou sal die sleutel hê as hulle die deur toetrek en dit sluit, maar hulle sal dit miskien ooplos in die oggend, dit oopmaak. Of, na die diens, gesluit is in die aand, om te keer dat kinders daardeur hardloop, julle weet, en die vensters uitbreek ensovoorts; julle weet hoe kinders is, veral in hierdie dag. So ons sluit dit om daardie rede. Ons haat dit om selfs op enige tyd die deur van die kerk te sluit. Miskien as die ander een klaar is, sal ons dit so kry dat dit anders sal wees dan, en ons. . . iemand die heeltyd daar kan wees, sodat mense kan inkom en bid, en genesings soek, die Heilige Gees soek.

6 Julle, wat nie die Heilige Gees het in julle lewe nie, kom hiernatoe, bly hier, bly net heelnag as julle wil, bly net totdat julle Dit wel ontvang.

7 Wie was dit hierbuite, 'n rukkie gelede, wat gesing het: "God oraloor my, en God oral"? Ek—ek het gedink die Wegraping het gekom; ek, hierrond gekyk, en gekyk of almal hier was. Dit was regtig wonderlik; ek waardeer dit. Ons kan net omtrent op enige tyd 'n bietjie daarvan hê. Ja, meneer. Dis. . . Ek het net pas ingekom, betyds om dit te hoor.

8 En ek het al die goeie sang misgeloop in hierdie dienste omdat ek gedink het miskien dat. . . O, ek was net so besig, julle weet hoe dit is. Mense—mense wat inkom per vliegtuig, per trein, per. . . Jy—jy weet dit nooit, julle sien, want dit kom net in per telefoon, jy moet na hulle toe gaan, hulle ontmoet en vir hulle bid, en oral. Dit gaan net die heeltyd aan, en dan probeer studeer ook; dit maak dit net nogal 'n probleem. Maar ons is altyd bly om die mense te ontmoet en te doen wat ons kan vir hulle, want dis. . . dis ons. . . ons is 'n dienskneg van die publiek vir die Here Jesus Christus, vir Sy mense in hierdie dag. En ons sal graag meer wil doen as wat ons reeds doen, maar ons kan nie.

9 'n Prediker het ingehardloop vanmôre, senuwee-ineenstorting, net uitmekaar geval, goeie kêrel. En omdat hy was. . . hy was net oorwerk. Het. . . Begin opstaan, en sy klein dogtertjie het in die kamer gestaan, sy het net begin omdraai. Sy het 'n klein rooi nagkleertjies aangehad; gesê die laaste ding wat hy onthou was 'n klein rooi kolletjie wat om, om, omgaan soos daardie. Flou geword, sien. En so het hulle hom vinnig gebring. So dis—dis net te veel werk, julle sien. Jy—jy onthou jy's vleeslik en ons—ons wil. . . ons dink die hele las is op ons gelê. Maar, julle weet, God het oral diensknegte om te sorg vir sommige daarvan, en so doen ons net die beste wat ons kan. Maar 'n goeie prediker wat alles probeer doen in hierdie laaste dae vir sy Heer. Ek beslis. . . En die Here het hom net daar verlos, hy is piekfyn, en hom reguit teruggebring, normaal, reg, op sy pad gegaan, verheug.

10 En, o, iets groots het vandag gebeur. Ek wil net nie begin met daardie dinge nie, maar . . . Julle weet, ek het vir my vrou gesê, ek het gesê: "Nou, daar gaan iemand wees wat daar opkom, en hy sal 'n man wees, kort, stewig, donker hare en donker oë, hy sal daardie bord lees en begin om . . . maar roep jy hom, sien." Ek het gesê: "Want die Here het 'n boodskap vir hom." En ek het die geopende Bybel opgehef, en ek het gesê: "Ek gaan hierdie dinge hierin lê, sodat jy sien dis presies wat die Here wil hê hy moet doen."

11 Agt jaar gelede, het 'n Poolse man van Pole, wat grootgeword het in Pole . . . By 'n diens, het hy na die platvorm toe gekom en hulle het gesê . . . of die Heilige Gees het na hom gekyk, vir hom gesê, gesê: "Jy is net verward." Dis wat . . . Hy het gedink ek het dit gesê, maar was die Heilige Gees wat gesê het. Dit het die heeltyd by hom gebly, en hom uiteindelik van Kansasstad na die gebou toe gesleep gisteraand, en toe het hy regtig verward geraak toe hy gehoor het van daardie waterdoop. Hy het na sy hotel toe gegaan, en die Heilige Gees het gesê: "Staan nou op en gaan op soontoe." Iemand wou saam met hom gaan, maar hy het dit geweier, want in die visioen het hy alleen gekom. Sien? En so . . . en hy, ordentlik genoeg om die bord te lees, het begin, om weer om te draai, en die vrou het hom geroep en ek het na die deur toe gegaan, ek het gesê: "Dis—dis hy, laat hom inkom."

12 Hy het gesê: "Wat moet ek doen?" Nadat hy gesien het, het hy gesê: "Nou sien ek dit."

Ek het gesê: "Ek wil vir jou dit wys sodat jy nou sal weet, jy sien." Ek het gesê: "Die Here het vir my gesê jy sou kom." Julle kan hom vra. Ek het gesê: "Nou, hier's die Skrif. Lees dit net hier voordat jy voortgaan."

13 Wel, hy's nou hier om gedoop te word in die Naam van Jesus Christus. So . . . ? . . . Hy mag nou hier sit, vir al wat ek weet. Is jy hier, broer? 'n Broer, 'n Poolse broer. Huh? Ja, hieragter in die hoek is hy, ja. Staan . . . steek jou hand op sodat hulle jou daar kan sien. Goed. Om die Heilige Gees te sien . . . Dit gebeur net die heeltyd. Baie mense dink dat visioene net op die platvorm kom. O, dit begin dit nie. Wat daarvan, Broer Leo? Net oral, sien. Wel, hierdie is die geringste plek Daarvan, hier. Hierdie is net waar 'n klein bietjie gebeur. Daarbuite waar Dit dag en nag aangaan, julle sien. Ja, vra my vrou, en sy . . . of hulle, en my buurman daaragter, Broer Wood, en al diegene wat daar is. O, goeiste! Hierdie is die klein—klein dingetjies hier; dis die groot dinge wat daar gebeur. Nou, en die helfte is nog nooit eens vertel nie. O! Ek's so bly daaroor, in die wete dat ons Here gou kom en ons dan vir altyd by Hom gaan wees; nie *vir altyd* nie, maar vir *Ewig*, vir Ewig.

14 Nou, as die Here wil, ek glo dis die agtiende, Sondag, oor 'n week. Sondag, oor 'n week, die agtiende. Het 'n vreeslike stryd

gehad; Satan het my hierdie griep probeer gee wat hulle hierrond het, ek hou net aan om dit terug te gee vir hom; en hy gee dit vir my, en ek gee dit terug vir hom. So . . . en so het ek nogal 'n taamlike stryd gehad. So ons sal dit waarskynlik uitbaklei volgende week. En dan, as die Here wil, teen die volgende Sondag, die agtiende. En ons gaan probeer om 'n diens te bring om te bid vir die siek mense, want hulle is . . . die dinge hoop op en hoop op en die ware uiterste noodgevalle probeer ons so vinnig as wat ons moontlik kan hanteer, en die ure, die alle ure van die nag en alles wat kom en gaan. So die agtiende gaan ons 'n gewone genesingsdiens hê. En as julle sommige van julle geliefdes het wat gebed verlang, wel, bring julle hulle, of bring hulle in op daardie tyd.

15 Nou, daar's baie van die mense van Jeffersonville wat my vertel het, gesê het hulle het betyds gekom om hier te kom, omtrent vyfuur, gesê daar is nie eers meer plek vir hulle motors (of ses) nie. So hulle . . . Ek het gesê: "Wel, julle . . . Hierdie is besoekende broeders van oral af, mense, baie predikers." Ek het gesê: "Hulle—hulle lê op die onderrigting Hiervan."

16 En ons probeer net die hoogtepunte aanraak. En dan 'n bietjie later, wel, sal ons dit in boekvorm hê sodat julle dit kan lees en—en dit sal 'n bietjie—bietjie meer daarby gevoeg hê, want in die aand . . . Julle let op, die laaste paar aande, het ek probeer, het, om die stem te spaar, julle sien, want daardie groot klimaks, dis wat ek wil sien; daar waar die openbaring van Christus gemaak sal word in hierdie eeu, sien, van wat dit is.

17 En nou, voor ons die Skrifte begin lees . . . En ek weet môre is die groot kommersiële dag, wanneer ons almal ons Saterdagaand se kruideniersware moet gaan inkry. En ons moet hulle op Saterdagmiddag kry of Saterdagoggend, een, sodat ons Saterdagaand kan vry hê om kerk toe te kom. So ons sal probeer om vroeg te laat uitkom vanaand sodat julle nie môre te moeg sal wees om dit te kry nie, en dan terug te wees by die middagdiens saam met die broers hier met die bandopnames en—en ook vir môre-aand.

Nou, kan ons net 'n oomblik staan vir gebed, as julle sal.

18 Ek wonder, voor ons bid, of daar enigiemand hier is wat spesiale versoeke vir gebed het, of julle dit net bekend sal maak deur 'n opgesteekte hand. God sien. Nou sien julle of ons in 'n behoeftige wêreld is of nie, broers. Ek reken vyf-en-negentig of agt-en-negentig persent van die gehoor het toe hulle hande opgesteek vir . . . Nou, onthou, jy kan nie eers beweeg sonder dat God dit weet nie. Sien? Hy het geweet van jou bedoelings, Hy het geweet waarvoor jy vra.

Kom ons buig ons hoofde:

19 Genadige Hemelse Vader, ons nader U Heiligheid vanaand, U Troon, deur U belofte wat U gesê het dat U sou verhoor. En

as ons sou glo, sou U vir ons gee waarvoor ons gevra het. En ons bely al ons foute. Ons besef, Here, dat ons nie—ons nie waardig is van enige van U seëninge nie. Ons is—ons is onwaardig. Ons is algeheel onwaardig, en ons kom nie asof ons—ons waardig was en—en ons iets groots gedoen het nie. O Vader, wanneer ons na Golgóta kyk, neem dit al die grootheid weg van ons, dan ken ons—ons niks anders as Christus en Hom as gekruisigde nie. Dan, wanneer ons sien dat Hy op die derde dag opgestaan het volgens die Skrifte, vir ons regverdigmaking, veertig dae later teruggekeer het, in die vorm van die Heilige Gees, om by ons te bly tot Sy sigbare verskyning in die lug aan die endtyd. En ons sien daardie endtyd nou baie vinnig naderkom. En ons is die gelukkigste mense, Here, omdat—dat U ons hierdie groot voorreg gegee het.

20 Ek's so dankbaar, Vader, dat hierdie luisteraars sit met geboë harte, en luister . . . ? . . . En dan, Here, bid ek dat U my lippe sal heilig vanaand, en elke aand en elke keer wat ek na U preekstoel toe sal kom om met U mense te praat; want, Here, moet my nooit iets verkeerd laat sê nie. U het nogsteeds krag om monde te snoer soos wat U het in die leeukuil met Daniël. En as ek ooit enigiets sou sê wat nie volgens U wil was nie, snoer my mond, Here, dat ek dit nie sê nie. Omseil my gedagtes; sit my op die regte pad, Here, waar ek niks anders as die Waarheid sal praat nie. Want ek besef in daardie groot dag sal hierdie mense daar oorkant wag op die . . . wag volgens die bediening wat ek aan hulle gepreek het. As U kom om enige van U sterre te neem, en U engele, U predikers, U diensknegte, sal hulle eers uitgepluis moet word volgens hierdie Boodskappe wat ons hier gepreek het. U sal hulle verantwoordelik hou, U diensknegte.

21 Nou, Vader, bid ek dat U die Heilige Gees sal laat spreek en nie die mens nie. Besny ons harte dat ons Hom kan hoor. Ek sal luister, Vader. Bid dat U die siekes en die beproefdes sal genees. Almal van hulle wat behoeftig is, oral, laat U genade en barmhartigheid met hulle wees. Staan elke versoek toe wat bekend gemaak is vanaand deur die opgesteekte hand. Buite oor die land terwyl baie ander ly, selfs hulle wat daardie sakdoeke verteenwoordig, en hierdie versoeke wat hier onder my hand lê, laat die Heilige Gees antwoord, Vader, en die siekes genees. Spreek nou tot ons deur U geskrewe Woord, deur die Heilige Gees, ons vra dit in Jesus se Naam. Amen. Mag maar sit.

22 Nou, vanaand is dit 'n bietjie warm in die kerk. Die groot Laodicése Kerktydperk wat kom. En vanaand benader ons daardie ander groot kerktydperk wat die—die vyfde kerktydperk sal wees. Ons het die eerste kerktydperk geneem, wat Éfese is. Ek mag hierdie weer oorlees aan die begin, hulle is almal uitgeskryf en so wil ek hulle graag oorlees vir julle wat graag wil nagaan op julle papiere.

23 Die eerste kerktydperk was die Éfesiese Kerktydperk, vanaf 55 nC tot 170. Paulus wat die ster was, en dit was die eerste kerktydperk. "Werke sonder liefde" was God se klagte. Beloning was "Boom van die Lewe."

24 Tweede kerktydperk was 170 tot 312, Irenaeus wat die boodskapper van die dag was. En die klagte was 'n vervolg-... was vervolgings, en 'n vervolgde kerk. Beloning: "Kroon van die Lewe."

25 Die derde kerktydperk was Pérgamos, Sint Martin wat die boodskapper aan daardie kerk was. Die kerktydperk was van 312 tot 606. Die klagte was "valse doktrine, Satan se leuens, die fondament van die Pouslike heerskappy, en huwelik was kerk en staat verenig." Die beloning was "verborge manna, en 'n wit keursteen."

26 En die vierde kerktydperk was Thiatíre; Columba wat die engel van daardie kerktydperk was, die boodskapper; 606 tot 1520. En die kerktydperk was Pouslike verleiding, die Donkereeue. (Was gisteraand, julle weet, die Donkereeue.) En die—die beloning, was "mag om oor die volke te regeer, en die Môrester," vir die engel.

27 Nou, vanaand, begin ons met die vyfde kerktydperk, wat die kerktydperk van Sardis, S-a-r-d-i-s, Sardis is. En die boodskapper aan hierdie kerktydperk was Martin Luther, word meer bekend aan die Bybelstudent of hierdie leraar, of die lekedom, liewer, vandag. En daardie kerktydperk het begin in 1520 en geëindig in 1750, 1520 tot 1750; en die tydperk wat ons noem "Hervormingstydperk." En die klagte was "Gebruik van hulle eie naam." En die beloning vir die klein oorblyfseltjie wat oor was, was "Om voor Hom te wandel in wit klere, en hulle name in die Lam se Boek van die Lewe." Mag die Here ons seën soos ons nou onderneem.

28 Ons begin nou by die 1ste vers van die 3de hoofstuk, van hierdie kerktydperk. Die boodskap aan Sardis, die periode van die hervorming. 'n Klein gelowige oorblyfsel oor, net amper uit.

29 Nou aan sommige van die nuwelinge, mag hiervan hier sê, dat...sodat julle nie agter sal wees daarin nie. Dis effens kru, en een of ander tyd gaan ons kom by waar ons ons boodskappe kan uitplaas op die...dit teken, die middag inkom en dit gereedmaak; mag dit Sondag doen. Nou, hierdie elkeen verteenwoordig die eer-...die kerktydperk: een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe. *Hierdie* wat begin by Filadélfia...

30 En *hierdie* hierbo verteenwoordig die—die pinksterkrag, of 'n kerk wat by Pinkster was. Dit was nogal 'n groot kerk aan die begin, maar hulle het 'n—'n—'n denominasionele gees begin laat inkom onder hulle, wat die Kerk probeer denomineer het, wat genoem is "Die werke van die Nikolaïete." Kan julle my ver agter hoor? Ja? Goed. "Die werke van die Nikolaïete." Nou, dit

was nog nie 'n *doktrine* nie. En toe het ons die Woord geneem en dit afgebreek, wat was "werke," wat was "Nikolaïete." Dis 'n vreemde naam vir ons, Nikolaïete, so ek het die Grieks geneem en dit afgebreek. En *Niko* beteken "om te oorwin," of "om te onderwerp," of "iets omver te werp." Nikolaïet, *laïet* is die kerk, "lekedom." Nikolaïet, 'n—'n werke wat die lekedom wou omverwerp, en al die seën plaas op . . . en die enigste een wat die Bybel sou lees, die enigste een om die uitleg te gee, sou die biskop of een of ander groot hoofpersoon van die kerk wees.

31 Toe het ons uitgevind in die tweede kerktydperk, sou dit ver begin uitdruk. *Hierdie* is nog Pinkster; en *hierdie* is denomonasie (d).

32 Nou, in die derde kerktydperk, Pérgamos, is Pinkster amper uitgedruk. Maar die doktrine van denominasie, dit het geraak van 'n "werke" *hier*, die heelpad tot 'n "doktrine" *hier*. Toe het hulle regtig hier, getroud net hier. Hulle het getrou! Die . . . hierdie groep hier wat die pinkstergroepe oorkom het.

33 Nou die manier waarop ek dit sê, broers, dit is die eerlike feit. Dis volgens die heilige geskrifte van die geskiedenisse. Die boeke van die Niceense Raad, *Foxe se Boek van die Martelare*, en al die groot antieke geskrifte. Ek het party van die oudste manuskripte wat daar is. En elkeen . . . Ek sê dit met nie . . . Sê nie dat ek Pinkster is nie. Dit beteken nie . . . Wanneer ek "pinkster" sê, beteken dit nie hierdie organisasie van die dag waarin ons lewe nie. Dis net so skuldig soos die res van hulle. Maar ek bedoel die regte pinkster, die ware Gees van God met die oorspronklike Doktrine, met die oorspronklike seëninge, met die oorspronklike name, met alles presies soos dit begin het aan die begin, soos wat dit deur die Bybel gegaan het.

34 Nou toe, toe ons gekom het by *hierdie* tydperk, sien julle hoe ver Pinkster opgekom het. Kan julle dit goed sien aan die agterkant? Kan julle dit uitmaak daar ver agter? Goed. Nou, hier het gekom, gisteraand, die groot tydperk waarin ons *hier* is, Konstantyn, Konstantyn, *K-o-n-s*; sal ek dit stel. Hy, as 'n heiden, was . . . het hierdie Christene *hier* gevra (diegene wat die doktrine van die Nikolaïete gehad het) of hulle sou bid dat hy 'n sekere veldslag sou wen; wel, hy sou 'n Christen word. Gedurende daardie tyd, toe hy in die veldslag was, het hy 'n droom gehad dat hy sou . . . Deur 'n wit kruis wat voor hom geplaas is, het hy gesê: "Hierdeur sal jy wen." En dis reg. Toe het hy sy leër wakker gemaak en 'n wit kruis op hulle skilde geverf, en dit was die geboorteplek of die begin van die Katolieke orde, vandag, naamlik die Ridders van Columbus.

35 Nou—nou, Konstantyn, daar's . . . jy kan nie een ding kry uit die geskiedenisse, dat hy bekeer is nie. Hy was niks anders as 'n skelm politikus nie. Hy het die idee in sy gedagte gehad om—om sy koninkryk te verenig en dit sterk te maak. So hy het self, as

’n heiden, die afgode aanbid; toe het hy gesien dat die doktrine van die Nikolaïete amper uitgedruk het tot by ’n punt, so hy het dieselfde strategie gebruik wat ons gisteraand uitgevind het.

36 En Jesus het dit voorspel, driehonderd-en-vier jaar voordat dit gebeur het, dat hy die doktrine van Bileam sou onderrig. Hoedat Bileam die kinders van Israel mislei het, hulle hoerery laat pleeg het en—en geoffer het. . . dit geneem het wat aan afgode geoffer is, goed geëet het. Nou, ons weet dat “om te geëet het wat aan afgode geoffer is,” wat dit regtig was, was om te aanbid. Deur in te gaan, het hulle voor afgode gebuig, afgode teruggesit in die Christenkerk; net soos Bileam gedoen het destyds daar, om Israel te laat hoerery pleeg, om te gaan na hierdie groot fees van die afgod.

37 Wel, Konstantyn het dieselfde ding gedoen met sy strategie, en hy het ’n kerk gemaak. Hy het baie gegee by die Niceense Raad, en toe het hulle. . . Hy het baie—baie groot geboue gemaak wat hy gehad het, en hy het hulle in kerke verander. En toe het hy ’n groot marmer-altaar gemaak, versier met goud en edelstene. Daarbo het hy soos ’n troon geplaas, en hy het een man die hoof gemaak soos ’n. . . hy is toe “’n biskop” genoem. En hulle het hom bo-op hierdie troon geplaas, Boniface III is toe op die troon geplaas. Nie net het hy rondgeloop met klere aan soos wat die—die gepeupel gehad het nie, maar hulle het vir hom ’n—’n groot mooi ampsgewaad gemaak en hom aangetrek soos ’n god en hom daarbo geplaas en hom’ “Die Vikaris” genoem. Vikaris, of die *Vicarivs Filii Dei*, dit beteken “in plaas van die Seun van God.”

38 Nou, hier’s aan hom wat wysheid besit, teken, skryf dit uit: *Vicarivs Filii Dei*. En dan, as jy ’n streep hieronder trek en die getalle optel, en dan het jy presies wat God gesê het die merk van die dier was: seshonderd ses-en-sestig. Sien, Vicarivs Filii. . . Nou, ek was in Rome en was in die Vatikaan. En die drievoudige kroon: heerskappy oor hel, hemel, en vagevuur. Sien? Die kroon gesien, die kleed, alles gesien, net daar.

39 Eintlik, op ’n Donderdagmiddag om drie-uur was ek veronderstel om die *laaste* pous te ontmoet wat daar was. Baron von Bloomberg het gehad die. . . en toe het hy gesê: “Nou, wanneer jy gaan, Broer Branham, die eerste ding wat jy moet doen, is om te kniel op jou regterknie en daardie ring te soen.”

40 Ek het gesê: “Dis uit. Dis uit. Vergeet daarvan.” Ek het gesê: “Ek sal gee. . . Ek het niks teen die man nie, hy. . . ?. . . ” Maar ek het gesê: “Daar’s een ding, ek sal ’n man sy titel gee. As hy ‘Eerwaarde’ is, dis reg so, ’n ‘Biskop, Ouderling, Doktor,’ wat ook al, ek sal met graagte ’n man salueer. Maar ’n man aanbid? Ek is my eerbied aan een man verskuldig: Jesus Christus. Dis die enigste man voor wie ek sal buig.” Ek het gesê: “Vergeet net daarvan. Kanselleer dit net.” Ek wou dit nie doen nie. En so ek. . .

41 Na ek by die huis gekom het, het ek uitgevind daar was 'n ander groot Amerikaner wat dit ook gedoen het, Teddy Roosevelt. Hy het dit gedoen as gevolg van . . . Onthou dit in die geskiedenis? Dat hy geweier het om die Pous te sien omdat hy die ring moes soen of . . . Hulle het dit op 'n groottoon ook gehad, julle weet. So . . . O, nee. Nee, dis uit. So toe . . .

42 Nietemin, in . . . Nou, soos Bileam . . . Toe het ons gisteraand uitgevind, oorkant . . . Nou, hier eers, voor ons hier weggaan, hulle het hierdie kerk gekonsolideer en getrou, 'n paar heidense idees gekry, heidense afgode wat in die kerk was. Die god van Jupiter, die god van die son, die god van Mars, die god van Venus, en al daardie afgode van gode en hy het hulle almal uit die heidense kerke geneem; en Paulus, Petrus, maagd Maria, al daardie opgesit, en gesê: "Hier is julle Vikarius, want Jesus het vir Petrus gesê: 'Ek gee vir jou die sleutels,' en hy is 'n apostoliese opvolger." Dis steeds Katolieke doktrine, tot vandag. En hulle het afgode opgesit. En wat het hulle gedoen? Afgodediens in Christendom ingebring, sogenaamde Christendom; nie ware Christendom nie, want die klein pinkster . . .

43 Onthou nou, ek sê nie . . . Ek het nie gesê: "Baptis, Metodis, Presbiteriaan" nie, hulle is in alles. Maar die regte, egte artikel van God was pinkster; was, is, en sal altyd wees! Dis waar die Kerk begin het, net hier met Pinksterkrag.

44 Nou, julle sê: "Is dit reg, Broer Branham?" Ek sal julle vra om die geskiedenisse te neem, en te kyk deur die stroom van die tyd tot hier, en uit te vind of elkeen van daardie ware, egte kinders van God nie vasgehou het aan daardie Pinksterseëning nie; in tale gepraat, tale uitgelê, tekens en wonders gehad, gedoop in die Naam van Jesus Christus. Alles wat die apostels gedoen het, het hulle ook gedoen, reg af daardeur. Dis hoekom ek daarin, deur die geskiedenis te lees, Paulus en Iranaeus geneem het en—en—en—en af na Sint Martin, Columba; elkeen van daardie manne (reg af in hierdie tydperk hierbinne), het tekens en wonders gehad.

45 Goed. Hy het gesê hulle was . . . die mikrofoon het gehad 'n klein . . . Is dit beter? Goed. Nee, hulle skud hulle kop, hulle kan nou glad nie hoor nie, Billy. Goed. Kan jy . . . ? Is dit . . . ? Nou, hoor julle my nou? Nou, hoe is dit? Is dit beter? Ja? Almal sê: "Goed." Paul, dis een merk teen jou. Goed, reg.

46 Nou, in hierdie tydperk hier toe hy hierdie yslike groot ding gemaak het, en hierdie man hier opgestel het as 'n universele biskop oor al die kerke, hulle baie geld gegee het ensovoorts, en hulle belowe het en die kerk en staat verenig het, en die kerk die staat laat beheer het. Hom 'n groot man gemaak. So daar is presies . . . Wat Konstantyn gedoen het, is presies dieselfde ding wat ons oorkant in hierdie ander kerk gevind het, dit wat God gesê het; en dat hulle in die dae van Elía, daardie vrou, Isébel,

toegelaat het om Sy kinders te onderwerp; dit het plaasgevind in die Donkereeu. En kyk hier waar Pinkster nou is. My goeiste! Dit net uitgedoof. En vir amper eenduisend jaar, dit. . . van omtrent 500 tot 1500, reg, dis 606 tot '530's. . . '520, is presiese getalle, maar reg tot eenduisend jaar. Hulle sal. . . bloeddorstige vervolgings. Lees die geskiedenis.

47 Nou, 'n Katoliek sal vir jou sê dat die Christenkerk, hulle die Christenkerk was. Hulle is die *denominasionele* Christenkerk. Maar die ware pinksters is uitgedruk, doodgemaak, en vermoor, en van kant gemaak deur die pouse en biskoppe ensovoorts, so bloeddorstig as kan kom.

48 Nou, eendag gaan dit my my lewe kos, sien, om dit te sê. Maar dis een ding wat seker is, ek weet waarheen ek oppad is, nou weet ek. Hou net aan drup van die bloed. Maar dit word die uur nou, wat julle sien volgens wat aangaan in die volk nou, dat dit nie lank gaan wees nie. Moet julle nooit Daarvan afwyk nie! Dis die Waarheid. Bly reg Daarby. Meng julle bloed soos hulle in daardie dag.

49 Nou, hierin het julle gesien wat gebeur. Toe het die Isébel-doktrine hier ingekom. Isébel was 'n vrou, 'n heiden wat. . . Agab het dieselfde ding gedoen wat Konstantyn gedoen het; met hierdie vrou getrou om sy koninkryk te versterk, en owerspel in Israel ingebring, net presies soos Konstantyn destyds daar gedoen het. En die Pinkster was amper heeltemal daarmee heen.

50 Nou, God het Martin Luther opgerig. Ek wil hê julle moet oplet hoe dit *hier* uitgaan en amper heeltemal uitdoof, dan skaars *hier* begin, en dan weer *hier* afkom. En ek het soort van daaroor gemerk, want dis 'n—dis 'n groot les vir Sondagaand, as die Here wil.

51 Nou—nou, ek dink wel ons het soort van ingehaal nou tot waar ons is. Nou, reg *hier*in is die—die Donkereeu, net hier, vanaf 1500. . . vanaf 606 tot 1520. Reg hierin. Ek sal dit hierin sit, sodat julle sal. . . 606 tot 1520. Dis die Donkereeu, hierdie kerk net *hier*, die Donkereeu. Nou, hierdie kerk waarby ons nou uitkom, is die Lutherse kerk.

52 Nou, omtrent almal daaragter, daardie mense het uitgesterf in die. . . Hierdie manne soos Iranaeus, en Martin, en Columba, en hulle het uitgedoof. En jy neem nou enigiemand wat enige geskiedenis terug wil ondersoek wat jy wil, as dit 'n getroue geskiedenis is, en wanneer hulle vir jou sê dat "Sint Patrick 'n Katoliek was," weet hulle nie waarvan hulle praat nie. Sint Patrick het teen die Katolieke kerk geprotesteer, en nooit Rome toe gegaan nie, en hulle doktrine sterk teengestaan. Dis presies reg. Jy gaan na noord Eng-. . . of Ierland toe vandag, en jy sal dieselfde ding sien. Sint Patrick was 'n man van God! Maar Sint Patrick, toe dit daarin gesê het dat hy—hy al die slange uit Ierland uigejaag het, dit was 'n legende.

53 Hoeveel van julle het ooit gelees en gehoor van William Tell wat 'n appel van 'n seun se kop afgeskiet het? Dis 'n Katolieke legende, was nooit 'n woord daarvan so nie. Ek was net daar waar dit veronderstel was om te gebeur het. Dis daarbo geskryf: "'n legende, nie so nie," in Switserland. Ek en Billy het net daar langs Lucerne Meer gesit waar hy gedoen het die—die ding was, hy het 'n man geskiet; dis waar, maar nie 'n appel van sy seun se kop af nie. Dis net 'n legende, bygelowe en dinge, dit was nooit so nie. Hulle het geen rekord daarvan daar, waar dit gebeur het of enigiets, dat hulle dit ooit gedoen het nie. En dit verklaar dit regtig openlik daar en sê wat dit was. Nou, maar hierin, dit is geen werklike geskiedenis wat gesê het hy het dit gedoen nie. Sien.

54 So nou hierin, in die kerktydperk, dis waar dit amper uitgedoof het, heeltemal ophou bestaan het. Nou in hierdie ander tydperk, kom die tydperk van Hervorming. Nou, hierdie dinge hier, na omtrent 'n duisend jaar van duisternis en donkerte en uitdoof, ensovoorts soos daardie, het die kerk Irenaeus soort van uit die oog verloor. Hy was 'n groot man, 'n goddelike man. So was honderde van daardie kosbare heiliges wat hulle lewensbloed gegee het net so vrylik (te staan in die arena) as wat hulle kon, sien, vir die saak van Christus, vir die doop in die Naam van Jesus Christus, vir praat in tale, die opstanding van Jesus Christus in die lewe en Sy Goddelike Teenwoordigheid daar, terwyl die mense, wat hulleself Christene *genoem* het, hulle vervolg het. Dis reg. Dis presies.

55 O, dis 'n—dis 'n demoniese legioen van hel-verdienstelike ek-weet-nie-wat nie. Kom op soos daardie en vorm hulleself en maak hulleself: "noem haarself 'n profetes, 'n goddelike uitlêer van die Woord, niemand, behalwe hulle, weet dit nie." Noem haarself, maar sy is 'n leuenaar. Julle sien? Daar sien julle. Maar op dieselfde tyd; het Sy engel daar, met die waarheid. Die Waarheid sal altyd teruggaan Hierheen. Sien? Altyd teruggaan na die oorspronklike, want God verander nooit van Daar af nie.

56 Nou, en ons het ook uitgevind, gisteraand, voor ons hierdie verlaat, sodat dit afgehandel kan wees in julle hart. Nie net het . . . In die tipe, Isébel, sy het 'n—'n dogter gehad. Onthou julle dit? En Openbaring 13 het gesê hierdie afvallige kerk, Rome, het dogters gehad. "Sy was die moeder van hoere." Is dit waar? Isébel het 'n dogter gehad, en wat het Isébel met haar dogter gemaak? Sien hoe al hierdie dinge, tipes en skaduwees. Isébel het toegesien dat haar dogter met Joram trou, wat die seun van Jósafat, in Judéa, was.

57 Israel was verdeel op die tydstip, soos hierdie. Hier is Jerusalem *hier*, en hier is Judéa *hier*. Wel, Agab was *hier*, en Joram was *hier*. Goed, Isébel het *hierdie* verower gehad, die hele Israel het afgode aanvaar. Toe . . . (Almal behalwe Elía en daardie klein getroue groepie.) Goed. Nou, oorkant aan *hierdie* kant was

Joram oor Juda; en toe sy die baba by Agab gehad het, het sy hierdie meisie geneem en haar met Joram se seun laat trou... of met Jósafat se seun, wat Joram was, en afgodediens in Juda ingebring en afgode-altare in Jerusalem geplaas.

58 Dis presies wat die Katolieke kerk gedoen het! Sy het haar doktrine van denominasie, ensovoorts, uitgesteek en die Heilige Gees uit die kerk uitgesny hieronder met haar dogter (Lutheraan, Metodis, Baptis, Pinkster, ensovoorts). Dis presies wat sy gedoen het. Die Bybel het gesê: "Sy's die moeder van hoere."

59 Nou, kyk julle net deur die Skrifte. Julle sien—julle sien enigiets enigsins anders in die Skrif en geskiedenis, wat presies op daardie selfde punte tref, kom julle na my toe soos 'n ordentlike heer. Sien? Dis reg. Dis nie daar nie!

60 Hierdie denominasies is die giftigste goed wat ons nog ooit in Protestantedom gehad het, wat manne die kerk laat probeer regeer, nog 'n beeld soos die een wat op daardie troon gesit het. Die hoofbiskop, die algemene opsieners van Pinkster: "Wel, nou, laat ek sien, wat's sy doktrine? O, hy het gedoop in Jesus se Naam? Hy kan nie hier inkom nie. Nee, meneer, broers. Julle verwerp Dit." En dit word ook verwerp. "Ek sal julle laat verstaan, nie enige van julle moet gaan na daardie diens toe daar oorkant nie. Afgekeur. Maak nie saak hoe siek jy is nie, bly weg, maak nie saak wat God doen nie. As julle nie deur ons bril kyk nie, wel, sien julle glad nie." 'n Beeld van die dier voortgebring! En die beeld het lewe gehad om te praat. Dis presies reg. Julle nie dink hy kan praat nie, gaan hom net 'n bietjie teë eenkeer. Uh-huh, kan beslis in die moeilikheid beland.

61 Ek onthou, by Tulsa, Oklahoma, ek was...O, ek het in 'n vreeslike gemors beland daar, daardie denomonasies het begin swaai daarrond. En ek het eendag in hierdie gebou gesit en ek het 'n—'n visioen gesien. Ek het gesien 'n—'n klein...mooi, ou klein katjie, en hy het op 'n sykussing gelê, en hy was die oulikste klein outjie. En ek het soontoe geloop (en ek's bang vir 'n kat), en ek het soontoe gegaan en ek het hom begin streel, en hy het "purr, purr" gemaak. Julle weet hoe hulle daardie snaakse geluid maak, julle weet. En ek het hom gestreel, ek het gesê: "Mooi, klein katjie." En hy het gesê: "purr," net so mooi, julle weet.

62 En ek het oorkant agter sy kussing gekyk, dit het gesê: "Pinkster katjie." Wel, het ek gedink: "Nou, is dit nie vreemd nie." En ek het gesê: "Dit moet 'n visioen wees."

63 En Iets het gesê: "Solank jy sy hare in hierdie rigting streel, goed; maar nou, as jy wil sien waarvan hy gemaak is, streel sy hare agtertoe." Sien? So toe ek sy hare agtertoe streel, het daardie oë uitgepeul, groen, en was hy 'n monster wat daar vir my staan en spoeg het so hard as wat hy kon. Sien, streel net sy hare 'n bietjie agtertoe. Sê vir hom sy doop in die "Vader, Seun, en

Heilige Gees" is van die duiwel en van die Katolieke kerk, kyk wat gebeur met hom. Sien? Sy hare staan regop.

64 Ek het afgekom, vir Broer Gene en hulle gesê, onder in... o, Broer Leo en hulle, ek het gesê: "Ek het beslis 'n ware visioen van Pinksterdenominasies hierbinne gehad."

65 Nou, die 3de hoofstuk, laat ons eers... Sardis is 'n dooie kerk. Dis dood, want hulle is doodgemaak gedurende hierdie tyd. Net 'n klein Lewensduurte, ons sal binne 'n paar minute uitvind wat dit was, net 'n klein bietjie. Vanaf 1520 tot 1750 was hierdie Sardis Tydperk. En die ster, of die engel van... Die ster wat in Sy hand was, wat die engel of die boodskapper van daardie kerktydperk was. Word dit duidelik verstaan? Dat die ster 'n engel was, en 'n engel is 'n boodskapper aan daardie tydperk. Goed. Goed.

66 Nou is ons klaar met die Niceense Raad. Sy het gesterf destyds daarin, en heeltemal in krag en heerlikheid ingegaan, kerk en staat verenig. En kan enigiemand onthou wat die les gisteraand gesê het, wat baie van daardie mense gedink het? "Die Millennium het aangebreek." En al die... "Die Millennium ingebring sonder die koms van Christus." Sien? Die koms van Christus laat die Millennium begin, eerste ding. En in daardie dae het hulle gehad... As julle die geskiedenis neem, sal julle uitvind hulle het valse Jesusse gehad wat opgestaan het en al die res, sien. En hulle het selfs gedink die pous was Jesus, hom 'n *vikaris* genoem: "in plaas van die Seun van God." Ja, groot heilige god, soort van, wat daar sit.

67 Laat ek vir julle iets vertel. Die Bybel sê dat wanneer Jesus kom... voor Hy kom: "Sal daar valse profete opstaan, en daar sal valse Jesusse opstaan." Dis reg. "Kyk, hier..." Maar laat ek net hierdie in jou hart laat val: daar sal nooit 'n Jesus 'n voet op hierdie aarde sit, voor die Kerk klaar weggeraap en weg is nie. Nou, hou julle dit net in gedagte, want daar sal valse christusse opstaan. Maar Jesus sal nie hier op aarde wees nie; want die bassuin blaas, en Hy kom nooit, ons ontmoet Hom in die lug. Die Kerk is alreeds weg. En dan, wanneer Jesus verskyn, sal dit die terugkeer wees. Die Heidene gaan om Hom in die lug te ontmoet. Is dit Skrif? Sien? Hulle gaan om Hom in die lug te ontmoet, en dan gaan ons op. En Jesus is... sit nooit Sy voete op die aarde voor die Kerk weggeraap is en Huistoe geneem en die Bruilofsmaal oorkant in die Hemel is nie; dan keer Hy terug vir die Joodse oorblyfsel.

68 So, nou is dit afgehandel, die Niceense Raad, die kerk was nou—was nou onder die pouslike heerskappy vir amper 'n duisend jaar. Hulle het almal doodgemaak wat verskil het van hulle. Dis reg. Jy het óf onder dit gekom óf jy is—jy is—jy is doodgemaak, soos Isébel met Israel gedoen het.

69 Die Heilige Gees was heeltemal weg behalwe net ’n paar gedurende hierdie tydperk, soos Elía en die oorblyfsel van Israel wat nie die knie gebuig het voor Baäl nie. As julle dit daaronder wil lees, dis Een Konings, die 19de hoofstuk, en die 18de vers, toe Elía daaragter in die grot gestaan het en hy gesê het: “Here, hulle—hulle het al U profete doodgemaak. Hulle het alles gedoen, en ek’s—ek’s alleen. En ek’s die enigste een wat ontsnap het.” Maar God het vir hom gesê Hy het nog ’n paar honderd gehad wat nie die knie voor Baäl gebuig het nie, in die lekedom daarbuite.

70 En so, Sardis, nou begin ons. Die einste woord *Sardis*, die 1ste vers. Die woord *Sardis,* in die Engelse terme, beteken, as julle dit wil opsoek, beteken “die ontsnapte.” Die ware *Sardis* was “die ontsnapte.” Dis wat *Sardis* beteken, goed: “die ontsnapte.” Nou, sien, en “die ontsnapte.”

71 Nou gaan ons begin by die 1ste. Baie. . .Ons gaan dit die *tydperk van Hervorming* noem en dis ’n baie gepaste ding vir hierdie hervorming as ons dit so sou noem, want dis. . .Die hervorming was die “ontsnaptes” wat weggekom en daaruit ontsnap het.

72 Nou laat ons die 1ste vers neem:

> *. . .skryf aan die engel van die gemeente in Sardis: Dít sê Hy wat* het. . .*sewe Geeste van God en die sewe sterre het: Ek ken jou* werk*, dat jy die naam het dat jy leef en jy is dood.*

73 Nou die groet. Nou, die sewe Geeste is. . . “Die sewe Geeste en die sewe sterre.” Die Geeste was die engele wat na die sterre toe gegaan het wat boodskappers was. “Sewe Geeste,” sewe verskillende tye wat die Heilige Gees ’n boodskapper sou salf, wat ’n ster in sy dag was. ’n—’n Gees is Ewig, en die ster wat gemaak is vir die doel om Lig te weerkaats in die duisternis van hierdie kerktydperke waar kerse en sterre voorstel. Die engel, die Gees, was die een wat na die ster toe gegaan het en die Lig van die Heilige Gees weerkaats het deur hierdie ster aan daardie kerktydperk. Dat julle mag weet. . .wonder wie die sewe Geeste is. Dis die sewe boodskappers van die sewe kerktydperke. Sien? Nou, en elke keer wat die ster op die toneel verskyn het, het die Heilige Gees afgekom en daardie ster gesalf en dit net presies gehou soos wat die eerste een was.

74 Nou laat ek—laat ek dit vir julle bevestig. Paulus het gesê, as julle wil weet watter soort ster dit was. Want, onthou, Satan is ook ’n ster, die ster van die môre. Nou let op, Paulus het gesê. . . Glo julle hy was die ster aan die Éfesiese kerk? Hy het gesê, nou, as julle wil weet of Dit waar is of nie. In Galásiërs 1:8, het Paulus gesê, daar gespreek, dat nadat die tyd sou kom, en wrede wolwe ensovoorts, het hy gesê: “Al sou ’n engel uit die hemel kom en enige ander evangelie onderrig. . .” (Nou, hy het geweet hierdie man kom wat lyk soos ’n engel en ’n groot *vikaris*.) Hy het gesê:

"Maak nie saak wie dit is nie, as enige engel of enigiemand ooit kom en enigiets anders as hierdie Evangelie onderrig wat ons julle geleer het, laat hom 'n vervloeking wees." Is dit reg?

75 Paulus was die een wat hulle verplig het om oorgedoop te word, as hulle nie in die Naam van Jesus Christus gedoop is nie: "Kom en word oorgedoop om die Heilige Gees te ontvang." Handelinge 19:5. Hy was ook die een wat hande op die mense gelê het, en gawes, en die kerk in orde geplaas het met die doen van wonderwerke, Goddelike genesing, gawes van tale, uitleg van tale. Is dit reg? Een Korinthiërs 12, kyk wat Paulus gesê het. Een Korinthiërs 12, en julle sal uitvind. Hy het in die kerk geplaas. . . God het in die kerk hierdie groot gawes geplaas; en Paulus het hulle in orde geplaas, en hulle in orde geplaas sodat hulle kon werk tot die eer van God. Paulus het dit gesê. Dan, as enige mens, maak nie saak aan watter denominasie hy behoort nie, wat vir jou probeer vertel dat die dae van praat in tale, uitleg van tale, Goddelike genesing, en wonderwerke, en die getuienis van die Heilige Gees as die doop . . . laat hom 'n vervloeking wees. Want dieselfde Gees wat op Paulus was, sal dieselfde Gees wees wat na die volgende kerktydperk toe gestuur is, dieselfde na die volgende kerktydperk, en dieselfde verder aan tot aan die einde van die kerktydperk. Dieselfde Gees, die Heilige Gees. Glo julle dit?

76 As julle dit sal oplet, dit is hier geskrywe. Die skrywer het geweet. Kyk, die "sewe Geeste." Kyk: hoofletter "G," Heilige Gees, net een van hulle. Uh-huh. Dieselfde Heilige Gees wat sewe keer kom na al sewe kerktydperke, dieselfde Lig dra. Begryp dit nou? Sewe kerktydperke, sewe keer sou hierdie Heilige Gees hierdie selfde Boodskap dra! Wat as 'n vervloeking uitgespreek is aan enigeen wat Dit sou verander.

77 Nou kyk of dit ooreenstem met die openbaring van die hele ding. Hy het gesê: "Wie ook al sal wegneem of voeg daarby, dieselfde sal weggeneem word (sy deel) uit die Boek van die Lewe." Dis die hele ding ingesluit dan. So daar's geen plek vir jou om te spring of enige ander plek te druk dan nie, sien, want Dis dit. Dis wat God gesê het, dis wat die Gees gesê het, en dis wat die Kerke gesê het. Nou, as jy enige ander soort doktrine wil inforseer as wat Paulus geleer het, is dit verkeerd! Die Bybel is reg. Sy lewe. . . Jesus het gesê: "Ek sal sy deel uit die Boek van die Lewe uithaal."

78 Nou, jy sê: "Watter deel van die Boek van die Lewe?"

79 Daar's baie mense wat hulle name in die Boek van die Lewe het, wat beslis sal faal. Julle weet dit, nie waar nie? Onthou daardie onderrigting nou die aand? Het julle dit gekry? Mag daaroor gaan; klink nog nie baie goed nie; voel nie reg nie, sien.

80 Judas Iskáriot was die seun van Satan, hy was ’n duiwel gemanifesteer in vlees. Die Bybel het gesê hy was. Die Bybel het gesê: “Hy is as die seun van die verderf gebore.”

81 Hou hierdie net ’n oomblik dop. Nou, *hier*op was Jesus; *hier* was die dief aan Sy regterkant; *hier* was een aan Sy linkerkant. Nou, toe. . . Jesus was die Seun van God. Is dit reg? Nou, party mense sien net drie kruise, maar daar was vier. Vier kruise! Nou, wat is ’n kruis? Dis ’n boom. Is dit reg? Die Bybel het gesê: “Vervloek is hy wat aan ’n boom hang.” En Hy is ’n vervloeking gemaak vir ons, Hy het aan ’n boom gehang. Dit is afgekap, maar dit was ’n boom. Is dit reg? Goed. *Hier* onder, aan die onderkant van die heuwel, het nog een gestaan. Judas het homself opgehang aan ’n wildevyeboom. Is dit reg?

82 Kyk! *Hier* is die Seun van God; gekom uit die Hemel, wat terugkeer na die Hemel, wat die bekeerde sondaar saam met Hom neem. *Hier* is die seun van die verderf; gekom uit die hel, wat terugkeer na die hel, wat saam met hom neem (“As U is!”) die onbekeerde sondaar. Sien, die onbekeerde sondaar: “As U die Seun van God is, red Uself en ons ook.”

83 *Hierdie* een het gesê: “Ons het. . .” (gepreek, daardie Evangelie prediker) “Ons verdien wat ons kry, maar hierdie man het niks gedoen nie. Here, onthou my wanneer U in U Koninkryk kom.” Wie was dit?

84 Was. . .?. . . ’n bietjie gisteraand of die vorige aand. *Hierdie* is God se Abel; *hier* is die duiwel se Kain. Soos Kain vir Abel doodgemaak het by die altaar, het Judas vir Jesus doodgemaak by die altaar. Dis reg. Die rook styg net *daar* ver terug op in Eden en gaan weer net *hier* lê. Dis presies.

85 O, Dis wonderlik, daardie ou weg, die geseënde ou weg, net vol heerlikheid.

86 Nou, nou vind ons hier (Verskoon my.) dat hierdie kerk van Sardis, aan die engel, Hy gesê het: “Die sewe Geeste; Hy wat die sewe Geeste het.”

> . . . *skryf aan die engel van die gemeente* van *Sardis:*
> *Dít sê Hy wat die sewe Geeste van God* het. . .

87 En nou hoeveel weet dat God een Gees is? Sekerlik. God, die Heilige Gees. God, Vader, Heilige Gees, alles dieselfde Persoon, want Maria het voortgebring deur die Heilige Gees. Nou, die. . . maar God het hierdie Heilige Gees gebruik in sewe verskillende evangeliese Ligte aan die Kerk, sewe kerktydperke. Begryp julle dit? Sewe kerktydperke.

88 Nou, julle sê: “God doen dit nie.” O, ja, broer.

89 Kyk! Hy het die Gees van Elía gebruik, en toe Elisa weggegaan het. . . Elía weggegaan het, het Elisa ’n dubbele mate Daarvan ontvang. En toe Elisa siek geword en doodgegaan het, toe het Dit weer teruggekom op Johannes die Doper. Dieselfde

ding, het hom laat optree net soos Elía het, gelewe in die woestyn ensovoorts. Is dit reg? En voorspel om weer te kom in die laaste dae, sien. God gebruik die Gees regdeur.

90 En Jesus was gesalf met die Heilige Gees, het rondgegaan en goed gedoen. Is dit reg? En dieselfde Heilige Gees wat op Jesus was, het reguit teruggekom in die Kerk op die Pinksterdag, kom reguit terug in die volgende tydperk, die volgende tydperk, die volgende tydperk. En wat is Dit? Dieselfde en einste Heilige Gees. O, sien julle dit nie? God bokant ons, in die Vader; God met ons, in die Seun; God in ons, in die Heilige Gees. Dis drie ampte, en nie drie gode nie. Sien? En daardie drie titels (Vader, Seun, en Heilige Gees) behoort aan een Naam: Jesus Christus. Goed.

91 Nou, kyk nou soos ons aangaan. "Die sewe Geeste," sê Hy wat hou. . . Met ander woorde: "Sy boodskappers hou." Boodskappers wat gesalf sal word met die Heilige Gees, met dieselfde Heilige Gees waarmee Paulus (die eerste een) gesalf was, die tweede, derde, vierde, vyfde, sesde, en sewende, hulle almal is in Sy regterhand. O, wat hulle krag en hulle Lig kry uit Sy regterhand.

92 Nou, Hy het opgevaar in die Hoogte. En Filippus het gesê, toe hy sterwend was. . . Of Stéfanus, het gesê: "Ek sien die hemele geopen, en die. . . en Jesus wat aan die regterhand van God sit." Dit beteken nie dat God 'n yslike groot regterhand het en Hy wat daarop sit nie, maar *regterhand* beteken die regterhand van "krag en gesag."

93 Daardie liggaam wat God geskep het. . . "Sal nie My Heilige verderwing laat sien nie, ook nie Sy siel in die hel los nie, maar Hom opgerig en Hom in plek van die Gees op die altaar geplaas." Kyk! Toe hulle Hom—Hom op die altaar sien sit het, en die Boek in Sy hand gehad het, en geen mens op die aarde of onder die aarde, of êrens, was in staat of waardig om selfs na die Boek te kyk nie; maar 'n Lam soos wat Dit geslag is vanaf die grondlegging van die wêreld, ver terug aan die begin toe Hy die eerste keer gedink het aan hierdie verloste liggaam, het gekom en dit geneem uit die regterhand van Hom wat op die Troon sit, en Self gaan sit. Amen. Daar het julle dit. Dis die Skrifte. Dis net pragtig, sien.

94 Nou: "Hy wat oorwin sal saam met My sit op My Troon, soos wat Ek oorwin en gaan sit het op My Vader se Troon." Ander woorde: "Ek het die Heilige Gees in My liggaam ingeneem. Ek het al die dinge van die wêreld oorwin (deur die versoekings) deur die Heilige Gees, en oorgeneem!" ("En in Hom woon die volheid van die Godheid liggaamlik.") "Alle mag in Hemel en aarde is in My hande gegee," het Hy gesê. Al die mag! Dan is God magteloos as Hy 'n ander persoon is. Want die Bybel het gesê, Jesus het gesê, na Sy opstanding, dat: "Al die mag in die Hemel en aarde, albei, is in My hand gegee."

95 En Jesus het uit die Hemel gekom met tienduisende maal tienduisende van Sy Heiliges, en die Bybel sê dat "die Hemele was leeg vir die tyd van 'n halfuur." Waar is hierdie groot kêrel, God, dan? Uh-huh. Sien? Hy's in Christus. Sekerlik! En soos ons oorwin deur die Heilige Gees soos Hy het, sal ons sit saam met Hom soos Hy die aardse troon van Dawid neem, om saam met Hom te sit en regeer net soos Hy het Daarbo, (Amen!) met krag en gesag oor die hele aarde. "En hulle is . . . die aarde smag, in afwagting vir die manifestasies van die seuns van God om gemanifesteer te word, God se seun."

96 Want, in elk geval, hierdie wêreld is nie vir God gegee om te beheer nie. Kom ons let op dat dit reg is. Wie is die god van hierdie aarde! Die mens! Dis sy domein. Alles, alles op die aarde is ondergeskik aan die mens. Deur sonde het hy geval; deur Christus se verlossingskrag kom hy weer terug. Dis reg, want die aarde behoort aan die mens, dis aan hom gegee en hy was heerser oor alles. En die hele natuur smag, in afwagting vir daardie tyd dat wanneer die seuns van God weer gemanifesteer sal word. O, ek; o, goeiste! Manifestasies van die seuns van God. Nou, ons beter dit nou net los.

97 Maar, die boodskappers is in Sy regterhand, in afwagting. Wanneer Hy hulle ook al stuur, sal hulle dieselfde ding spreek. Want die Heilige Gees wat in Christus was . . . O! Die Gees wat in Christus was! Toe Hy vertrek het, het Hy gesê: "'n Klein tydjie, en die wêreld . . ." (*kosmos*, die griekse woord wat 'wêreldorde' beteken; nie die aarde nie, die wêreld, die orde van die wêreld) ". . . sal My nie meer sien nie . . ." (denominasies, of wat nog) ". . . sal My nie meer sien nie. Tog sal julle My sien . . ." (die kerk, die gelowige) ". . . want Ek . . ." ("Ek," persoonlike voornaamwoord is reg) ". . . Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot aan die voleinding van die wêreld." "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid." Sien julle Dit?

98 Dan, as dit Christus se Heilige Gees was wat op die Pinksterdag gekom het wat daardie dinge gedoen het, is dit Christus se Heilige Gees wat *hier* uitgedruk word, Christus se Heilige Gees wat nog hierin vashou, Christus se Heilige Gees wat nog *hier* vashou, nog *hier*onder tot die voleinding van die wêreld. Dieselfde Heilige Gees wat Paulus gevul het met die Heilige Gees en dinge wat hy gedoen het, sal *hierdie* een vol (Irenaeus) van die Heilige Gees vervul, Martin vol van die Heilige Gees vervul, die res van hulle vol van die Heilige Gees vervul, en Dit het jou en my vol van die Heilige Gees gevul, en dis 'n Pinksterseëninge van een kerktydperk tot 'n ander; Alfa en Oméga, die Einde en die Begin, en Alles, Oorsprong en Nageslag van Dawid, Môrester, Roos van Saron, Lelie van die Dale, wat nog alles, Vader, Seun, Heilige Gees, Hy wat Was, Wat is, en Sal Kom, die Alfa, Oméga, Alles, Alles tesaam! O, goeiste! Dit sal my 'n lied laat sing:

O, wie sê julle is Ek, (het Jesus gesê) van waar het julle gesê het Ek gekom,
Ken julle My Vader, of kan julle sê wat is Sy Naam?
Hy het gesê: Ek's die Alfa en Oméga, die begin van die einde af,
EK IS die hele skepping, en Jesus is die Naam.

EK IS wat gespreek het tot Moses in die brandende bos van vuur,
EK IS die God van Abraham, die Blink en Môrester. (Dis reg.)
EK IS die Roos van Saron, en van waar het julle gesê kom Ek?
EK IS die hele skepping, maar Jesus is die Naam.

99 Die hele familie in die Hemel en aarde verbind in daardie een (universele, geseënde, Heilige Gees-vervulde, afgespringde, vernoem deur die Heilige Gees, gespreek deur die Heilige Gees, gebore uit die Heilige Gees) Naam. Dis reg. God het Dit gegee vir die hele familie in die Hemel en aarde. En alles daarin, elke knie, sal buig voor daardie Naam. "En daar's nie 'n ander Naam onder die Hemel gegee waardeur mense gered *moet* word nie." Nie *miskien, behoort te wees* nie, maar *moet* gered word. O, ek is lief Daarvoor. Dis net goed. Goed.

100 "In Sy regterhand." Nou vind julle uit? Dit is 'n pinkster Kerk; krag, tekens, wonders wat die heelpad deur gedoen word. Nou is ons. . . Afgegaan deur die Donkereeue waar Dit amper uitgedoof is. Nou laat ons die 2de vers neem. O, ek dink ons sal net nog 'n—'n klein bietjie verder aangaan met hierdie 1ste een:

> . . . *Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy leef en jy is dood.*

101 Blaai oor na die volgende kerk hier, julle sal uitvind: "Maar jy het nie my naam verloën nie." Volgende kerk: "Nie my naam verloën nie." Maar in *hierdie* kerk: "Jy *het* 'n naam." Kyk hier! *Hierdie* kerk het Sy Naam gehou; *hierdie* kerk het Sy Naam gehou; *hierdie* kerk het Sy Naam gehou; en *hierdie* kerk het deur 'n Donkereeu gegaan en daar is niks daaroor gesê nie; toe hulle uitgekom het na die Lewe aan *hierdie* kant, die eerste klein ontsnapte, toe Luther hulle uitgetrek het: "Jy het *'n* naam dat jy lewe, maar jy is dood." Nou, watter naam het hulle gebruik toe hulle opgehou het om Jesus se Naam te gebruik? Vader, Seun, Heilige Gees. En daar is glad nie so-iets nie. Dis 'n dooie—dis 'n dooie teologie.

102 Sê my, is Vader 'n naam? Hoeveel vaders is hierbinne? Steek jou hand op. Watter een van julle se naam is Vader? Seuns? En mense, dis—dis wat dit is. Dis nie . . . Sy Naam is nie Heilige Gees nie, dis wat Dit is; Dit *is* die Heilige Gees. Die naam . . . Die

Heilige Gees is nie 'n naam nie, die Heilige Gees is 'n titel; Vader, Seun, en Heilige Gees.

103 So julle sien daar, dis net so bodemloos soos die Ewige seunskap. Daar is glad nie so-iets soos Ewige seunskap nie. 'n Seun word gebore uit; Ewig is nooit nie.

104 Daar is glad nie so-iets, soos ek nou die aand gesê het, soos 'n Ewige hel nie. Hoe het jy ooit Ewige hel gekry? Daar was dan altyd, 'n hel. Die Bybel het gesê: "Dit is geskep vir die duiwel en sy engele." Daar altyd 'n hel sal wees; as daar altyd een sal wees, sou daar een moes gewees het aan die begin. En wat... Wie het dit destyds daar gebruik toe Hy *El, Elah, Elohim* was, "die selfbestaande Een," toe daar niks anders was nie? Dan moes die hel net daar by Hom gewees het. Sien? "Die hel is geskep vir die duiwel en sy engele. En al die goddelose sal daarin gewerp word." Dis presies reg. Hulle sal gestraf word vir miskien 'n honderdmiljoen jaar vir wat hulle gedoen het. Maar daar sal 'n tyd kom waar hulle die tweede dood sal hê. Daar sal niks van hulle oor wees nie. Alles wat 'n begin gehad het, het 'n einde. So wanneer ons Ewige Lewe ontvang, ontvang ons deel van daardie kosmiese lig wat daar oorkant was voordat daar selfs 'n molekule was. Uh—huh. Daardie Lig van God kom in ons hart in wat ons verlig dat ons Jesus sien. Die Bybel het gesê: "Ons sien nie alle dinge nie, maar ons sien Jesus."

105 Nou, Hy het gesê: "Ek weet dis wie...Ek is Hy wat die sewe Geeste het, wat stuur na die sewe kerke. Ek ken al jou werke en alles daarvan, maar jy het 'n naam dat jy leef maar jy's dood." Nou, julle onthou; wie se tydperk was hierdie? Martin Luther, die Lutherse tydperk. Nou, hulle is veroordeel aan die begin. Hulle hoef nie eers te begin het nie, hulle was dood om mee te begin. Hulle hoef nie te gesterf het nie, hulle was dood om mee te begin. Sien, hulle is net "uitgepluk."

106 Nou let op hierna. Nou laat ons die volgende vers lees:

> Kyk! *Wees wakker en versterk dié wat oorbly, wat op die punt staan om te sterwe, want Ek het jou werke nie volkome voor God gevind nie.*

107 Nou, hy praat nou met Luther. Ons erken almal dat hierdie—hierdie die Lutherse tydperk was, dit was die tydperk van hervorming. Nou wat het Hy gesê? "Jy het 'n valse naam uitgebring dat jy 'lewe,' maar jy's dood." Wat het hulle gedoen? Hulle het dit weer reguit teruggeplaas in die denominasie. Dan: "pot kan nie die ketel 'swart' noem nie," moenie skree: "die Katoliek!" nie. Sien, want julle is reg terug daarin, deur dieselfde geloofsbelydenisse en name te gebruik. En, wel, Luther het baie van die kategismes en al die res uitgebring wat die Katolieke kerk gehad het, en self 'n naam geneem. Sien: "Jy het 'n naam dat jy 'lewe,' wat uit hierdie dooie duisend jaar hier kom, en jy hou steeds daardie naam." "Jy het *'n* naam," onthou?

108 Om seker te wees dis reg, die ander kerke, gesê: "Jy het vasgehou aan My Naam." "Jy het vasgehou aan My Naam." In *hierdie* tydperk het hulle "Dit verloor." En *hier* uitgekom en gesê: "Jy het 'n ander naam dat jy 'lewe,' maar jy is dood."

109 O, julle Metodiste, Baptiste, Presbiteriane, Lutherane, en Pinkster, bekeer en word gedoop in die Naam van Jesus Christus tot die vergewing van julle sondes. Sien? Kom uit daardie ou dooie geloofsbelydenisse en dinge uit, wat aan die Katolieke kerk behoort, wat verbrand gaan word en al haar dogters daarmee saam.

110 Daar is niemand wat kan sê dat "Vader, Seun, en Heilige Gees," daardie soort van . . . En daardie ding, en hulle noem die "Heilige Drie-eenheid." Drie-eenheid? Ek wil hê iemand moet selfs die woord *drie-eenheid* in die Bybel vind, en my kom sê daarvan, vind net die woord *drie-eenheid*. Dis nie eers daarin nie. Daar's glad nie so-iets nie.

111 Nou, nou:

> . . . en *op die punt staan om te sterwe*, . . .

112 "Hou vas aan dit wat jy het, Luther het jou uitgepluk. Hou daaraan vas, want dis gereed om te sterf. Jy sal . . . Hulle sal jou weer reguit terug daarin vervolg. Hou daaraan vas, dis op die punt om te sterf."

113 Nou:

> . . . en *Ek het* jou nog nie volkome *voor God gevind nie*.

114 Is dit nie pragtig nie? O, goeiste! Ek hou daarvan. "Nie volmaak nie." Hoekom? Hulle was net geregverdig, Luther het regverdigmaking gepreek; jy moes heilig gemaak en dan gevul word met die Heilige Gees. En toe was hulle nie hulle eie nie, hulle is volmaak gemaak deur die Heilige Gees in hulle. Dis nie die—nie die Christen wat volmaak is nie, dis die volmaakte Heilige Gees in hom. Sien? Dis wat . . . Soos ek gesê het: "Dis nie die heilige berg nie, dis die Heilige God op die berg. Nie die heilige kerk nie, nie die heilige mense nie, maar dis die Heilige Gees in die Kerk en in die mense." Dis die *Heilige* deel, sien.

115 "En Ek het nie julle werke volkome gevind nie. Julle het nie tot volmaaktheid gekom nie." Want ons vind nou uit dat hulle regverdigmaking net *hier* gehad het, regverdigmaking. En hierdie was . . . Nee, verskoon my. Regverdigmaking is net *hier* onder Luther; en heiligmaking is *hier*; en *hier* is die Heilige Gees. Sien? Nou, daardie drie elemente wat in daardie drie kerktydperke gewerk het, dis wat dit verg om die volle geboorte te vorm. Hulle was net bevrug as 'n klein kiem in die skoot van die moeder. Dis reg, die Heilige Gees wat gebore word.

116 Nou wil ek julle iets vra. Wanneer 'n natuurlike geboorte plaasvind, wat is die eerste ding wat plaasvind? Water. Die volgende ding? Bloed. Dit reg? Volgende ding? Gees. Dis reg.

117 Wat het uit die liggaam van Jesus uitgekom toe Hy gesterf het? Hulle het Sy sy deurboor, en water en Bloed het uitgekom: "En in U hande gee Ek My Gees." Water, Bloed, Gees.

118 "Daarom geregverdig uit die geloof," Romeine 5:1: "het ons vrede by God deur ons Here Jesus Christus," regverdigmaking. Heiligmaking, Hebreërs 13:12 en 13: "Jesus het buitekant die poort gely om die volk deur Sy Eie Bloed te heilig." Lukas 24:49: "Maar julle moet in die stad Jerusalem bly totdat julle toegerus is met krag uit die Hoogte. Nadat die Heilige Gees oor julle gekom het, *dan* sal julle My getuies wees in Jerusalem, Judéa, Samaría . . . "

119 Nie wanneer jy biskop word nie, nie wanneer jy diaken word nie, nie wanneer jy pastoor word nie, nie wanneer jy pous word nie: "Maar na hierdie, die Heilige Gees, oor julle gekom het, dan sal julle getuig." Julle kan net getuig van julle kerk en julle geloofsbelydenis, soos 'n . . . as jy net 'n diaken is, of as jy net 'n pastoor is, of as jy net 'n pous is, of as jy is . . . Jy getuig van 'n geloofsbelydenis! Maar wanneer die Heilige Gees oor jou gekom het, dan getuig jy van Hom! En die werke wat Hy gedoen het, doen jy ook, omdat Sy Lewe in jou is. O, o! My, goeiste! Hou daarvan. Ja, meneer. O, ek kry Dit meer op . . . Daarvan hierbo, glo ek, as wat julle daarbuite kry. Ek voel net goed Daarmee.

120 "Dinge wat op die punt is om te sterf, hou vas aan hulle." Nou sê hy hier, nou in die 3de vers:

> *Onthou dan hoe jy dit ontvang en gehoor het, . . .* (Ek hou daarvan.) *. . . en bewaar dit en bekeer jou; as jy dan nie wakker word nie, sal Ek* na *jou* kom *soos 'n dief, en jy sal nie weet watter uur* wat *Ek op jou afkom nie.*

121 "Hou vas aan jou regverdigmaking, bly daarby." Moenie mense dit weer van jou laat wegneem nie. "Dit wat jy ook ontvang het, jy gehoor het." Hulle lees dieselfde Bybel wat ons lees, sien. Maar hulle het net nie alles Daarvan geneem nie, want Dit is nie aan hulle geopenbaar nie. Dit was nie vir hulle tydperk nie. Dis hoekom hulle sal opkom in die opstanding. Hulle het gewandel in die Lig waarin hulle moes wandel, so hulle sal opstaan.

122 Nou, ek het baie Pinkstermense gehoor wat die doop preek, deur te sê: "Daardie Lutherane, ensovoorts, sal nie opstaan nie." O, ja. Julle ken die storietjie van Dr. Hegre daarbo. Toe ek vir hom gesê het . . . Hy het gesê: "Wat is ons?" Ek het gesê . . . Julle weet, hulle het daardie groot Lutherse kweekskool daar opgerig, Bethany, by Minneapolis. En hy het gesê: "Wel, wat het ons Lutherane?"

Ek het gesê: "Wel, ek sal jou sê. Ek glo julle het Christus."

En hy het gesê: "Wel, ons wil—ons wil die Heilige Gees hê." Hy het gesê: "Dink jy ons het Dit?"

Ek het gesê: "Potensieel." En ek het gesê: "Julle glo tot Dit."

Hy het gesê: "Wel, wat bedoel jy?"

123 Nou, hulle het duisende akkers daar wat hulle studente... as hulle nie hulle pad kan—kan deurbetaal nie, laat hulle hulle pad deurwerk en mielies kweek. Ek het gesê: "Wel..." Daar's net—net groot tafels. Hulle het my een van daardie smorgasbord middagetes gegee daaronder in die groot kweekskool. En nou, hulle is gawe manne; Dr. Hegre wat *hier* sit, en Broer Jack Moore *hier* oorkant; natuurlik het ek hom naby laat sit dat, as hy groot woorde begin gebruik het wat ek nie geken het nie, sou ek Jack met my been tik en sien wat hy gesê het, julle sien. So toe, het ek gesê...

124 Hy het langs my gesit, en hy het gesê: "Wel, wat ons wil doen, is om iets hier uit te vind." Gesê: "Ons honger na God." En gesê: "Ons het 'n boek oor Pinkster gelees, *Die Gawes*." En gesê: "Ons het gegaan... 'n klomp van ons broers het Kalifornië toe gevlieg, ons het die man ontmoet wat die boek geskryf het." (En ek ken hom.) Hy het gesê: "'Ons wil sommige van die gawes in aksie sien.' Hy het gesê: 'Ek het nie enige van hulle nie,' gesê: 'Ek het net oor hulle geskryf.'" So hy het gesê... En gesê: "Toe het ons daar oorkant gekom en ons het hierdie gesien, ons is honger. Ons wil God hê."

125 En ek het gesê: "Wel, eenkeer was daar 'n man wat uitgegaan het." Julle weet, op sy grond daar, julle sien. "'n Man het uitgegaan en 'n yslike groot veld geploeg. En hy het al die wortels daaruit verwyder, en alles, en toe het hy mielies geplant. Elke oggend het hy na die deur toe gegaan en uitgekyk om te sien of hy enige mielies gehad het. Die eerste ding wat jy geweet het, een oggend, het twee blaartjies opgekom." (Enigiemand ooit mielies gekweek... Waar is George Wright en hulle, Roy Slaughter en hulle? Julle weet, daardie twee blaartjies wat opkom.) "'O,' het hy gesê: 'Prys God vir my mielieland.'"

Ek het gesê: "Het hy 'n mielieland gehad?"

Hy het gesê: "Wel, op 'n manier."

126 Ek het gesê: "Potensieel, ja." Ek het gesê: "Dit was julle Lutherane in die eerste hervorming, wat daardie klein blaartjie voortgebring het, sien." "Wel," ek het gesê: "mettertyd het daardie mielies gegroei." Ek het hom nie vertel van die "afvalligheid" nie, julle sien, ek het hom net laat voortgaan met die mielies, gegroei.

127 So ek het net gesê: "Die mielies het gegroei, en naderhand het dit 'n pluim daaraan gekry. En daardie pluim het afgekyk na die blaar en gesê: 'Ha-ha-ha-ha-ha, jy het niks nie, julle ou formele Lutherane.' Sien? Gesê: 'Ek is die... Ek—ek's die teler, die groot sendingtydperk.' Die wind het gewaai, en die klein pluimpies het afgeval soos daardie en neergeval; dis Wesley, heiligmaking." Sien? Dit was die grootste sendingtydperk wat ons ooit gehad

het, was die Wesleyaanse kerk, in gedurende die tyd van Wesley, selfs groter as hierdie tydperk. Die Wesleyaanse Kerktydperk, dit was 'n sendingtydperk, en dit het versprei. Wat het dit gedoen, dit—dit het Dit versprei.

128 Sien, selfs die natuur getuig van hierdie drie, net daar. Die natuur self, God het dit in die begin so gemaak sodat dit so sou wees. Jy hoef nie eers die Bybel te hê nie, jy kan na die natuur kyk en sien waar jy is. Sien?

129 En toe. . .En daar, naderhand het dit daar oorkant geval. En wat het uitgekom? Op het 'n mieliekop gekom, dit het pitte daaraan gehad; dit was die Pinkstergroep. Nou, die Pinkstergroep was dieselfde soort groep *hier* onder. Van *hier* af het hy twee blare mielie gehad, Luther, *hier* het hy die pluim gehad, Wesley; en *hier* onder het hy die mieliepit gehad (Wat?) net presies soos dit destyds *hier* was. Dieselfde ding!

130 Wel, nou, wat was dit hier? Jy sê: "Wel, nou," die Pinkster het gesê: "ek het geen nut vir julle Metodiste of julle Lutherane nie." Maar, in elk geval, die einste lewe wat in die twee klein blaartjies was, het die pluim help vorm. En die lewe wat in die pluim was, het die mielie gevorm. So, julle sien, dis alles God se program. Hulle het die Heilige Gees gehad, potensieel; so het Wesley, onder heiligmaking; maar vandag het dit praat in tale teruggebring en herstel van die begin destyds *hier*. Dieselfde Heilige Gees, julle sien, die waaragtiges. Amen. Ja.

131 Goed: "Hou vas aan wat julle gehoor het, voor dit sterf." Nou die 4de vers, glo ek was dit:

> *Maar jy het enkele persone ook in Sardis wat hulle klere nie besoedel het nie, en hulle sal saam met My in wit klere wandel, omdat hulle dit waardig is.*

132 "Nou, moenie 'n denominasie Daaruit maak nie, ons wil nie dit doen nie." Nee, ek het. . .Ek—ek het die verkeerde vers gelees, het ek nie? Of het ek nie? Ja, ja, dis reg. Ja. Goed. Ja: "In Sardis, het nie hulle klere besoedel nie." Daar was 'n paar van hulle wat steeds nie wou buig voor daardie ding nie, en hulleself suiwer en rein gehou het; die ou spoor van ver terug na Pinkster, die Gees-vervulde. Baie van hulle toe, toe Luther se tydperk begin denomineer het; wat het hulle gedoen? Weer reguit begin soos wat die Bybel gesê het: "Maak soos hulle mamma." Weer reguit teruggekom, 'n denominasie begin. Maar 'n paar van hulle het reguit uitgestaan dat hulle dit nie sou doen nie, hulle het net buite gebly vir God. Gesê, hulle het gesê—gesê: "Wel, goed, jy het enkele persone, en hulle is waardig om voor My te wandel, geklee in wit. Moenie 'n denominasie maak nie. Moenie nou die Nikolaïetiese doktrine aanvaar nie. Moenie weer julle denominasie begin nie, maar bly net vry in God. Laat die Heilige Gees julle lei soos julle aangaan. Daar's nog enkeles van hulle oor."

133 Nou die 5de vers, glo ek:

*Hy wat 'n oor het, laat hom ho-. . .*

134 Laat ons sien. Nee.

*Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis . . . die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor My Vader en voor* die *engele.*

135 Nou: "die enkele persone." Baie min, klein oorblyfsel, was oor wat nie geneem het die . . . neem . . . oorgeneem was deur die Katolieke doktrine nie. Goed.

136 Nou begin ons praat van die hervorming. Ek wil graag . . . Ek het Luther se agtergrond uitgelaat sodat ek dit hier kon inkry. Nou die volgende vers het gesê:

*Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.*

137 God, wat hulle probeer waarsku om uit hierdie Nikolaïetisme uit te bly: "Bly weg daarvan! Hou julle klere onbesoedel van enige dinge van die wêreld!" Bly net vry in Hom, en Hy sou hulle lei en hulle rig. Nou, dis die eerste begin.

138 Nou, met *hervorming* bedoel ek die "ontsnaptes," diegene wat ontsnap het, selfs in die Sardis kerk. Verstaan julle wat ek bedoel? Diegene wat steeds daardie verskriklike ding ontsnap het. Nou dit . . . Nou, ons sal dit weer môre-aand optel en dit reguit hier afbring in die . . . in die Pinkstertydperk in, en julle wys dis presies dit. Nou, daar's party van hierdie dinge, waarvan ons hier praat: die "Hoe het hulle dit ontsnap?" Nou, ons sal dit optel, onder in die volgende eeu. Sien, ons moet dit optel om dit te laat saamgaan. As jy dit nie doen nie, dan gee jy—jy—jy—jy nie die—die mense . . . vestig jy dit nie in die volgende tydperk nie, julle sien. Jy moet dit vir hulle laat kry net soos wat die Bybel dit hier gee, sien. Goed.

139 Nou, die ontsnaptes is diegene waarvan Hy praat. Dis hierdie *net* hier, hierdie baie klein groepie wat lewe deur regverdigmaking. Nou kyk! Hulle het uitgekom, hulle het die Lig gesien, Luther het reg gedraai . . . Na die dood van Luther, nie Luther nie; Luther het nooit enige denominasie gevorm nie; dit was daardie groep na hom. Wesley het nooit enige denominasie gevorm nie; dit was daardie groep na hom. Daardie ou stigters van Pinkster het nooit 'n denominasie gevorm nie; dit was die groep na hulle. Dis die klomp wat dit doen, sien, dis die tweede rondte wat dit doen. Die ware engel van die Lig sal nooit 'n organisasie vorm nie! En julle sal uitvind met hierdie—met hierdie Pinkstertydperk wat aan die einde van daardie organisasie kom, ook; sien, wanneer die Heilige Gees dit aan ons openbaar.

140 Nou, Hy het gesê: "Jy het 'n klein bietjie Lig oor, net 'n klein bietjie, Dis gereed om te sterf; dit sterf weg, dis net

regverdigmaking, hulle kan julle na enige kant toe swaai. Jy het nog nie enige Lewe nie, omdat jy die verkeerde naam aanvaar het. Maar jy's—jy's . . . ten minste is jy uitgepluk. Sien, jy is . . . jy—jy het die Roomse kerk ontsnap. Jy het al daardie leerstellinge ontsnap, en jy het ten minste so ver uitgekom." Nou, julle lees dieselfde Bybel. Nou, maar dieselfde Bybel wat die Heilige Gees leer . . . Hy het hulle nooit veroordeel vir wat hulle gehad het nie. Gesê: "Nou dis . . . hou vas daaraan totdat Ek kom. Sien, bly net vashou."

141 Nou, die kerktydperk het begin rondom 1520, toe die Roomse, universele Katolieke kerk in volle swang was. Dit het geduur tot die een-en-dertigste Oktober (As julle dit almal neerskryf.) die een-en-dertigste Oktober, 1570 nC., toe Martin Luther sy vyf-en-negentig stellinge vasgeskyper het aan die kerkdeur in Wittenberg, Duitsland, en van daardie tyd af was die Hervorming aan. Het julle daardie datums gekry? Laat ek dit weer kry sodat julle sal seker wees. Die een-en-dertigste Oktober, 1570 nC., toe Martin Luther sy vyf-en-negentig stellinge vasgespyker het aan die kerkdeur by Wittenberg, W-i-t-t-e-n-b-e-r-g, Wittenberg, Duitsland. Van daardie datum af het die hervorming begin, die vuur het begin vlieg. Hy het geprotesteer teen daardie Katolieke kerk deur daar te staan, daardie in sy hand soos dit, het hy gesê: "Hierdie die liggaam van Christus wees? Dis 'n beskuitjie en 'n bietjie wyn!" En "boem!" het hy dit op die vloer neergegooi. Dis reg.

142 Hy het teen die Katolieke kerk geprotesteer, en die . . . dit het begin . . . die klein uitpluk tydjie het toe aangebreek. Goed, die . . . dit was aan. Maar dit was meer van 'n—'n geveg vir politieke mag as wat dit was vir die ware, egte Kerk, vir die Christenstandaarde. Hulle het net geveg vir 'n politieke reg om uit die kerk uit te kom en 'n ander kerk te vorm. Hulle het nooit hervorm nie, uit die Katolieke kerk gekom om die Heilige Gees en krag terug te bring in die kerk nie, want hulle het Dit verloën. Huh? Dit was 'n politieke optog. Dit is waar dit sekerlik gepas sou wees: "Jy het 'n naam dat jy lewe, en is dood." Met ander woorde, hy het net die Protestantse denominasie uitgebring, dis al. Hy het 'n dogter uit 'n kerk uitgebring. Uit die . . . Hy het 'n prostituut uit die hoer uitgebring. Dis presies wat gebeur het. Hy het Atália uit Isébel uitgebring.

143 Nou, enigiemand wat die Hervorming lees, weet dis so, omdat hy net eenvoudig . . . 'n Paar van die ou relieke en ordes wat . . . en seremonies, hy—hy het hulle eenvoudig vernietig, maar sover as om die Heilige Gees terug te bring in die kerk soos wat dit destyds *hier* was, dit het hy nie gedoen nie. Nee, meneer. Dit was meer van 'n politieke geveg as wat dit 'n geestelike geveg was. Dit was politiek in plaas van die Heilige Gees. Hy het nog nie in die kerk ingegaan nie. O, broer, Hy het nog nie teruggekom nie; Hy kom *hier* terug, nie *daar*bo nie.

144 Nou, dit was ’n groot politieke wedywering, maar dit was nie oor die Heilige Skrifte en die—en die Heilige Gees nie. Dit was ’n politieke optog dat hy wel ontslae geraak het van sommige van die ou relieke van die kruis, en die “*Ave Maria’s*” en dit alles. Maar hy het steeds ’n kategisme uitgebring. Hy het steeds uitgebring hierdie . . . Wat noem jy dit? Toewydingsdienste van wat ook al daaronder was, wanneer hulle afgaan op die Paasoggend en die pastoor wens hulle ’n “Geseënde Kersfees” toe, julle weet. “Sien hulle nie weer tot Kerstyd nie,” het hy gesê, jy weet. Daardie . . . o, aanneming—aannemingsdiens, wat ek probeer sê. Vat hulle soontoe en neem hulle aan, gee vir hulle die eerste nagmaal en neem hulle aan. Daar is glad nie so-iets soos aanneming nie. Die enigste aanneming wat in die Bybel genoem word, toe in—in die Bybel, is toe God Sy Woord bevestig het met tekens en wonders wat gevolg het. Dis die bevestiging, nie die bevestiging van behoort aan ’n Lutherse kerk nie, maar God wat Sy Woord in jou bevestig. “En die Here was . . . het saam met hulle gewerk,” Markus 16: “deur die Woord te bevestig met tekens wat gevolg het.” Dis die bevestiging van die Pinksterkerk. Dis die bevesti- . . . God bevestig Homself as lewendig, as ’n wonderwerkende God in die Kerk, wat praat in tale, tale uitlê, en dieselfde dinge te doen wat hulle het aan die begin.

145 Put ek julle uit? [Gemeente sê: “Nee.”—Red.] Goed. Nou, let op, hulle het nie die Heilige Gees herlewing teruggebring nie; hulle het ’n nuwe kerktydperk teruggebring. Hulle het ’n uitgeplukte teruggebring; ontsnapte van die Roomse hiërargie, om ’n Protestantse hiërargie te vorm. Dis die enigste ding wat hulle gedoen het. Reg uit die pan in die vuur in gespring, sien. Dis—dis reg. Presies.

146 Isébel het net geboorte aan ’n dogter geskenk. En moenie net dink ek sê dit net om—om slim te lyk nie, ek sê dit omdat die Bybel so gesê het! Die Bybel, in Openbaring 17, het gesê: “Sy was die moeder van hoere.” Jesus het hier gesê: “Net soos Isébel was, so sal sy wees.” En sy het dogters voortgebring wat die—die land besoedel het wat nie besoedel was nie. Nou, dis presies wat Protestantisme gedoen het met die ware Gees van God, dit het die ding besoedel en dit reguit teruggeplaas in ’n ander organisasie. Wat, as God wil, op Sondagoggend, wil ek julle wys dat—dat—dat hulle ’n beeld vir die dier maak, en die dier was Rome. En hulle het ’n beeld *soos* dit gemaak. Wat was dit? ’n Organisasie! O, ek hoop dit sink diep in die harte van die mense in.

147 En julle wonder hoekom ek organisasie my hele lewe lank so hard beveg het; ek het self nie geweet nie. Maar Dit was *Iets* binne-in my wat uitgeroep het; ek kon dit nie help nie. Ek het gewonder, altyd gewonder, waarom was ek altyd so hard op vroue? Sien? My hele lewe lank. Nie wa- . . . Ek bedoel . . . bedoel nie ware vroue nie; ek bedoel hierdie *veronderstel-om-te-wees*,

julle weet, morele karakter uit hulle verwyder en alles. Julle weet. Dis die soort ek . . . 'n *Iets* in my.

148 Toe ek 'n baie, klein, ou seuntjie was, daarbo, het ek daardie vroue in die pad sien opkom daarbo, en hulle . . . geweet hulle man is uit aan die werk, hulle daarbo met een of ander kêrel, dronk; langs die pad, en hulle sal op-en-af loop met hulle in die pad, hulle nugter genoeg kry dat hulle kan huistoe gaan, hulle man se aandete te kook. Ek het gesê dis nie 'n skoon koeël werd om deur hulle te gaan nie. Dis reg. Ek het gesê hulle is laer as diere, wat so-iets soos daardie sou doen. En ek . . . Toe ek sewentien was, agtien jaar oud, ek 'n—'n meisie in die straat sou sien afkom, sou ek oorgaan na die anderkant, ek sou sê: "Daardie stink adder." Sien? En ek sou 'n regte hater wees, maar toe ek God in my hart ontvang het, het God my laat weet Hy het 'n paar juwele daarbuite, Hy het 'n paar ware dames. Hulle sal nie almal hulleself besoedel soos daardie nie; dank God daarvoor.

149 Toe ek oorkant in Afrika was, toe ek oorkant in Switserland was, en toe ek in Rome was, is ek baiekeer hierdie vraag gevra: "Haai, sê, Broer Branham, het julle glad nie enige ordentlike vroue in Amerika nie? Elke lied wat hiernatoe kom, is daar iets viesliks oor julle vroue."

150 Ek het gesê: "Dis die Amerikaners. Maar ons het 'n ander Koninkryk wat bestaan daar oorkant, dis die Koninkryk van God; hulle is dames deur en deur." Hulle is!

151 Die Bybel het gesê, oorkant in—in die profete, gesê . . . Ek dink dis omtrent die 5de hoofstuk van Jesaja, ek's nie seker nie, dit sou in die 5de of die 6de hoofstuk daar wees; gepraat van: "Geseënd is daardie dogter van Sion, wat in daardie dag van al daardie dinge sal ontsnap." Hoe sy in die straat sou afstap; sy sou haar kouse afgerol hê; sy sou trippel soos sy stap; swaai soos daardie, en die dinge wat sy sou doen. Net presies soos hulle nou maak, net perfek. Dra klere soos 'n man, wat 'n gruwel is vir God.

152 Ek het 'n godsdienstige groep gesien, 'n tydjie gelede, wat ingegaan het om te hê 'n . . . een of ander opskop wat hulle omtrent elke aand hou, en hierdie vroue wat almal ingaan met hierdie kniebro- . . . Of—of wat—of wat is daardie goed wat julle hulle noem? Nie kortbroeke nie, maar die ander goed. Ja, hulle is pedaaltrappers. Of daardie goed daar. Almal aan . . . Hulle het 'n nodig dat 'n pedaal getrap word, beslis; broer, dis 'n plank omtrent *so* wyd. Dis reg. Hoof kom van . . . *Voetganger*, dis "op jou voet," en dis presies wat hulle nodig het. Dis reg.

153 Maar, o, jy sê: "Wel, nou, ek dink dis meer fatsoenlik vir 'n vrou om dit te dra as 'n romp."

154 God het gesê: "Dis 'n gruwel in Sy oë vir 'n vrou om klere aan te trek . . . " En wanneer 'n vrou haar hare sny soos 'n man . . . God wil hê 'n vrou moet lyk soos 'n vrou, aantrek soos 'n vrou, optree soos 'n vrou.

155 En Hy wil nie ’n man hê met groot wangbaarde wat afhang soos *hierdie*, en dan, soos ’n eend wat agter op sy kop sit soos daardie nie. Hy wil hê hy moet soos ’n man lyk. Ja, meneer. Goeiste, hulle trek so vroulik aan dat hulle skaars weet aan watter geslag hulle behoort. Dis—dis jammerlik, hierdie beatniks en alles wat ons vandag het. Geen wonder ons lewe in die endtyd nie, daar is nie enigiets oor in hierdie wêreld behalwe vir God om Sy toorn uit te stort en haar te verbrand nie. Dis al. ’n Regverdige en Heilige God kan niks anders doen nie.

156 Hulle het die Bloed van Jesus Christus verwerp! Hulle het hulleself gedogmatiseer! Hulle het in ’n organisasie ingegaan! En die ou . . . een of ander ou heilige vader met sy . . . ou oujongkêrel met sy omgedraaide kraag, kom op en sê vir hulle: “My geseënde kinders.” Dit beteken niks meer as wat ’n sog dit sê nie.

157 Ek sê julle, wat ons vanaand nodig het, is ’n terug na die Bybel en die Heilige Gees, broer, en die krag van die verrese Christus, wat in die Kerk inkom deur tekens en wonders en wonderwerke te doen. Amen! Dis die Evangelie. Ja.

158 Voortgebring . . . so . . . Ja, dis reg, dit het. Die—die—die herlewing het ’n paar baie goeie dinge gedoen daar, daardie herlewing. Maar dit het nie die Heilige Gees voortgebring nie. Hulle het dit nie voortgebring tot onder in hierdie Laodicése tydperk, onder in die Pinkstertydperk nie. Maar dit het een ding gedoen. Hierdie herlewing het ’n paar dinge gedoen wat Hy gesê het: “Moet dit nou nie laat sterf nie, versterk en bly daarby byvoeg.” Sien?

159 Dit het weer ’n vry Bybel voortgebring vir die mense. Die Lutherse tydperk het ’n vry Bybel voortgebring. Hulle het hulle drukpers gemaak en die Bybel aan die wêreld begin gee. God seën die Lutherane daarvoor! Ja, meneer. Hulle het die Bybel weer teruggesit in die lekedom se hand; was net priesters alleenlik. Kon nooit eers Daarna kyk nie; omdat dit was wat die pous gesê het, en hy was god; so wat hy ook al gesê het, dit het dit bepaal.

160 So nou, die Lutherse herlewing, wat hulle wou hê, om te “versterk.” Nou het julle die Bybel in julle hand, lees Dit nou! Glo Dit! Moet Dit nie op die rak sit, sê: “Wel, ons het ’n Bybel,” nie. Dit gaan jou glad nie help daarbo nie. Daar’s te veel Lutherane in Pinkster vandag, wat die Bybel laat rondlê en neem wat iemand anders Daaroor sê. Broer, lees die Woord! “Ondersoek die Skrifte, want dit is hulle wat van My getuig,” het Jesus gesê. “In hulle dink julle het julle die Ewige Lewe.” Dis die ding om te doen: lees die Woord!

161 Nou, Hy het gesê om net: “Hou vas Daaraan, die . . . moenie—moenie dit laat glip nie.” En nog ’n ding waaraan Hy wou hê hulle moet vashou, hulle het ’n bietjie krag oorgehad in hulle, was . . . Die Lutherse herlewing, die tweede ding wat dit gedoen het, dit

het die doktrine van regverdigmaking aan die lig gebring. Die Katoliek aanvaar nie regverdigmaking nie; dis Katolieke kerk.

162 Net soos daardie priester, hulle moes hom van die lug afhaal hier 'n tyd gelede. Hy het gesê: "Daar is geen ander verlossing nêrens, behalwe in die Katolieke kerk nie." Velossing is in Christus; nie in die Katolieke kerk nie, nie in die Protestantse kerk nie. Dis in Christus, verlossing. Maar die Katoliek glo . . . Hulle gee nie om wat die Bybel sê nie; dis wat die kerk sê. Sien? Jy kan nie met hulle praat nie, want daar is geen manier—daar is geen manier om met hulle te praat nie. Hulle gee nie om nie. Hulle het . . . Hulle sal met jou praat oor hulle kategisme, enigiets soos daardie; maar kom jy by die Bybel, verwerp hulle—hulle Dit net: "Dis wat die kerk sê."

163 Maar Jesus het gesê, in hierdie einste ding, Jesus Self het gesê: "As enige mens enigiets sal wegneem of enigiets Daarby sal voeg, sal Hy sy deel uit die Boek van die Lewe wegneem." Jesus het gesê: "Laat elke mens se woord 'n leuen wees, en Myne die Waarheid. Hemel en aarde sal verbygaan, maar My Woord sal nooit verbygaan nie." Is dit reg? O, daar is Dit, broer.

164 Ek's 'n gelowige in God se Woord! Dis reg. En nie net daardie Woord wat God *daar* spreek nie, toe het ek die Hemelse Vader gevra om my die Heilige Gees te gee om daardie Woord te *bevestig*, om Christus in my te laat lewe. Dat ek weet ek het Ewige Lewe, nie omdat ek Dit verdien nie, omdat Sy genade Dit vir my gegee het. Dis die rots. "Op hierdie rots sal Ek My kerk bou," het Hy gesê.

165 Goed, regverdigmaking. Goed. Die ding daarvan was, nadat hulle alreeds iets voortgebring het wat hulle nie moes laat sterf nie, dit was, hulle het die Bybel weer in hulle hande gekry. Die Lutherane het dit gedoen. En nog iets, hulle het die doktrine van "regverdigmaking deur geloof," gekry. Dis wat Luther geleer het, almal weet dat dit sy doktrine was. Regverdi- . . . Kan julle nie sien hoe volmaak dit is nie? Toe het Wesley gekom met heiligmaking, toe kom die Pinkster hier met die doop van die Heilige Gees. Net so volmaak. Nou ek . . .

166 "Jy het 'n paar dinge, hou nou vas aan hulle, en—en moet hulle nie laat sterf nie. As jy nie vashou daaraan nie, sal Ek vinnig kom soos 'n dief en jy sal weer reguit teruggaan in die denominasie in." En dis wat hulle gedoen het, net presies, weer ingegaan. "Jy kom weer reguit terug na die Nikolaïete, want jy sal weer reguit 'n denominasie uitgaan. Hou vas! Hou aan om daardie Bybel te lees, en hou regverdigmaking, en bly voortgaan." Maar daar's 'n klein oorblyfsel wat daar uitgekom het. 'n Klein oorblyfsel.

167 Na, die eerste het gekom, Luther; en toe het Zwingli gekom; en verder aan, Calvyn; en aan, ensovoorts, verder aan tot Wesley. Maar daar het 'n klein oorblyfsel daar uitgekom wat

heiligmaking onderrig het. En uit heiligmaking het ’n klein oorblyfsel gekom, wat aangegaan het in die Heilige Gees in. Sien, daardie klein oorblyfsel, die heelpad deur daar, wat Dit—Dit lewendig gehou het. Goed.

168 Maar, derdens, hulle het soveel van die heidense vorms van doktrine uitgebring saam met hulle, daarmee saam, soos denominasies, valse doop. Nou, hulle het uitgekom met besprinkeling ensovoorts soos daardie, en Vader, Seun, en Heilige Gees. Hulle het kategisme gebring. Het waarlik . . . hulle het waarlik gepas by die naam . . . met die . . . wat Jesus hier gesê het: “Jy het ’n naam dat jy lewe, maar jy is dood.” Dis reg. Goed.

169 Vierdens, is dit waar dat die hervorming baie van hulle blink relieke en—en rituele ensovoorts weggevee het, maar dit het misluk in die kerk en die herstel om die hervorming te bring, dit het misluk om die volle Evangelie onderrigting te herstel met tekens wat volg. Die Lutherse kerk het dit nooit gehad nie; en hulle het dit nooit gehad in die Wesleyaanse tydperk nie. Hulle het dit net onder aan die einde van hierdie Laodicése tydperk gehad.

170 Nou, wanneer ons daarop ingaan, sal ons reguit teruggaan in die Skrifte en vir julle presies wys hoe hulle dit belowe het. Hulle het nie gehad die . . . het nie die Heilige Gees herlewing herstel nie.

171 Hulle het weggedraai van afgode af; en hulle het weggedraai van afgode af, dit is waar. Hulle het die afgode verwyder uit die kerk: Maria, en Josef, en—en Petrus, en Paulus, en almal van hulle. Hulle het weggedraai van die afgode af, maar hulle het nie gedraai na die verrese Christus nie. Luther het hulle weggedraai van die afgode, maar na meer van ’n politiek of ’n—of ’n denominasie of organisasie, om hulleself net nog ’n organisasie te maak (’n beeld soos die eerste een) en groter as dit probeer groei deur die denominasie.

172 En nou veg hulle steeds. Die Metodis wil steeds hê . . . al die Baptiste moet Metodiste wees. En al die Lutherane wil hê al die Baptiste en Metodiste moet Lutherane wees. Die Pinkster wil hê al die Baptiste, Lutherane, en al die res, moet Pinkster wees. Sien, julle bly net byvoeg by julle denominasie. Maar dis nie God se program in die eerste plek nie. God se program van herstel was om terug te bring wat aan die begin was.

173 Kyk! Laat dit weer herleef! As hierdie boek op die vloer val, nou om ’n ander boek te neem en sy plek te neem is nie herstel, opstanding nie. Jy moet *dieselfde* een opbring. Amen. So, as die kerk gesterf het in die Donkereeu en heeltemal heidens geword het destyds *hier*, dan die herstel, die . . . Dis ’n hervorming, om te hervorm; maar om *hervorm* te word, en *weer gebore,* is twee verskillende dinge. Sien? Hulle het hervorming teruggebring, hervorm, weggekom van baie van hulle afgode ensovoorts, maar

hulle het nooit die Heilige Gees teruggebring in die kerk nie. O, geseënd sy die Naam van die Here! Broer, suster, kan julle dit sien? Hulle het nooit die Heilige Gees teruggebring nie, want die een wat regtig die ware Evangelie Lig bring . . . Sit nou jou hoed op. Die een wat die ware Evangelie Lig bring, is die engel van die kerk *hier* onder. Nou, ons gaan dit Sondag sien.

174 Nou, hulle sal ligte op ligte hê, en Christenligte, maar hulle sal elkeen reguit teruggaan in daardie organisasie in. Maar daar sal een kom wat teen haar sal staan. Ja, meneer. En hy sal 'n oorblyfsel daaruit pluk, net so seker as wat ek in hierdie preekstoel staan. Dis reg. En hy sal reguit teruggaan na die begin. En ek sal die Skrifte uit die Ou Testament en die Nuwe Testament neem en aan julle bewys dat hy dit sal doen, die engel van die kerk van Laodicéa, dis reg, net reguit teruggaan na die oorspronklike en hierdie ding weer hier opwek. En die opstanding sal kom in die dag van hierdie *hier*. Dis reg.

175 Maar Luther het die kerk uitgepluk, die ontsnapte. *Ontsnapte*, een stap, heili- . . . regverdigmaking. Die ontsnapte, hy het een voet uit heidendom gekry. Dis goed. Die volgende keer, kry dit twee voete uit. Dis al.

176 Net soos . . . Het julle opgelet, in die Bybel is daar—is daar water wat agter uit die Tempel uitkom? En hy het gesê hy het water tot by sy knieë gesien; toe die volgende, water tot by sy middel; en die volgende keer, het dit oor sy kop gegaan. Maar toe hy oor sy kop gegaan het, het hy by 'n plek gekom waar hy moes swem. Sien, hy moes swem.

177 So ons kom nou by 'n plek waar dit of swem of verdrink is. Dis al. Dit sal jou verdrink en jou heeltemal wegjaag, of jou inbring, een. So, dis swem of verdrink! Halleluja! O, ek's so bly vir die Heilige Gees! Is julle?

Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul.
Ek's een van hul, . . . (Watter *hulle*? Nie *hierdie, daardie*, of *daardie*, of *daardie* nie.)
. . . so bly dat ek kan sê ek's een van hul, Halleluja;
Een van hul, een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul.

Klink dit nie goed nie? Luister:

Hulle was vergader in die bo-vertrek,
In gebed daar in Sy naam,
Hulle is gedoop met die Heil'ge Gees,
En het krag vir diens ontvang;
Nou wat Hy vir hul gedoen het daardie dag
Sal Hy vir jou ook doen,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul.

O, een van hul, ek's een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul,
Halleluja;
Een van hul, een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek een van hul.

178 Gaan hulle na kweekskole toe? Nee. Party van hulle kan nie eers hulle eie naam skryf nie. Dis reg. Petrus kon nie. Die Bybel het gesê hy was 'n onkundige en ongeletterde man, hy en Johannes. Maar hulle moes na hulle luister, want hulle het geweet hulle was by Jesus.

Al is hierdie mense nie geleerdes nie (Geleerd.)
Of spog met wêreldsroem ("O, prys God, ek het
soveel *so-en-so*.")
Hul het almal hulle Pinkster ontvang,
Gedoop in Jesus' naam;
En hul verkondig nou ook oral rond,
Sy krag is nog net so,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul.

O, een van hul, een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul;
Een van hul, een van hul,
Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul.

179 Is julle nie bly daaroor nie? So bly om een van hulle te wees. Ek sal liewer een van hulle wil wees, as enigiets waarvan ek weet. O, ek sal liewer een van hulle wees, as om die President van die Verenigde State te wees of koning oor die wêreld te wees. Ek sou. . . As die Here Jesus hiernatoe sou stap, sê: "Ek sal jou terugverander na twintig jaar oud en jou 'n opsiener maak, 'n koning van die hele wêreld, en jou tienduisend jaar gee van—van lewe op hierdie aarde, om twintig jaar oud te bly; nooit 'n siek dag te hê, 'n hartseer nie, en alles sal vreugde wees, en alles, en die koning van die hele aarde, om tienduisend jaar te lewe; of sal jy liewer een van hulle wou wees en net moet deurworstel soos wat jy doen?"

180 Ek sou sê: "Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hulle!" Na tienduisend jaar, wat dan? Maar Hierdie is Ewig. Hoe het Dit gekom, broer? O, Dit het gekom deur die Bloed. Dis reg. Dit het 'n lang pad gekom, en Dit het gekom deur God wat vlees geword het en onder ons gewoon het:

In 'n krip lank gelede, ek weet dis regtig so,
Is 'n Baba gebore vir die mens se sondes.
Johannes sien Hom op die oewer, die Lam vir
altyd,
O, Christus, die Gekruisigde van Gólgota.

O, ek is lief vir daardie Man van Galiléa, van Galiléa,
Want Hy't soveel vir my gedoen.
Hy't my sondes als vergeef, die Heilige Gees vir my gegee;
O, ek is lief, ek is lief vir daardie Man van Galiléa.

Die vrou by die put, Hy't al haar sondes vertel, (Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.)
En hoe sy toe vyf mans gehad het.
Sy is vergewe van elke skuld, en 'n diep vrede het ingekom;
Sy't geroep: "Kom sien hierdie Man van Galiléa!"

O, ek is lief vir daardie Man van Galiléa, van Galiléa,
Want Hy't soveel vir my gedoen.
Hy't my sondes als vergeef, die Heilige Gees vir my gegee;
O, ek is lief, ek is lief vir daardie Man van Galiléa.

'n Tollenaar het gaan bid in die tempel daar eendag,
Hy't geroep: "O Heer, wees my genadig!"
Hy's vergewe van elke skuld, en 'n diep vrede het ingekom;
Hy het gesê: "Kom sien hierdie Man van Galiléa."

Ek hou daarvan. En julle?

Die verlamdes het geloop, die stommes het gepraat,
Daardie krag is gespreek met liefde op die see;
En die blindes het gesien, ek weet dit kan net wees
Die genade van daardie Man van Galiléa.

Sing dit saam met my:

O, ek is lief vir daardie Man van Galiléa, van Galiléa,
Want Hy't soveel vir my gedoen.
Hy't my sondes als vergeef, die Heilige Gees vir my gegee;
O, ek is lief, ek is lief vir daardie man van Galiléa.

181 Is julle nie lief Daarvoor nie? O, goeiste! Hierdie goeie Heilige Gees Evangelie, o, hoe lief is ek Daarvoor. Ek het Hom lief met my hele hart. En ek is so bly vanaand dat ek getel kan word

onder hulle, en ons bymekaar is as broers en susters. Baptiste, Metodiste, Pres-. . . Katoliek, Presbiteriaan, wat nog, God het ons uitgebring uit elke lewenswandel en ons hiernatoe gebring na hierdie groot gemeenskap van die Heilige Gees. Nie aan enige denominasie behoort nie, dit hang van hulle af wat hulle doen, maar ons is in ’n mistieke Koninkryk. Ons is ingedoop in die mistieke liggaam van Jesus Christus, deur die Heilige Gees. Wie is? Metodis, Baptis, Presbiteriaan, en wie ook al wil, laat hom kom.

182 Jesus het gesê: “Almal wat die Vader My gegee het, sal na My toe kom, en nie een van hulle sal verlore gaan nie, en Ek sal hulle opwek in die laaste dag.” O, goeiste! Ons het altyd ’n ou lied hieronder by die altaar gesing; weet nie of ons dit kan sing of nie: “Plek, plek, ja, daar is plek, daar is plek by die fontein vir my.” Hou julle van daardie ou liedere soos daardie? Gee vir ons ’n noot iemand, iemand wat weet hoe om dit in te sit. Waar is ons pianiste? Is sy hier? Of die Broer Teddy of enige van hulle hier? Hulle? O, goeiste, ek—ek sien hom nêrens nie.

Plek, plek, ja, daar is plek,
Daar’s plek by die fontein vir jou;
Plek, plek, ja, daar is plek,
Daar’s plek by die fontein vir jou.

183 Hou julle van daardie ou liedere? En ek hou ook hiervan:

Onder by die kruis waar my Redder sterf,
Daaronder het ek om reiniging van sonde gepleit;
O, daar aan my hart is die bloed gewend;
Ere sy Sy naam!

Ere sy Sy naam! Sy kosbaar’ Naam!
O, ere sy . . . (Laat ons nou ons oë toemaak en dit sing.)
O, daar aan my hart is die bloed gewend;
Ere sy Sy naam!

Ek is so wonderbaarlik van sonde gered,
Jesus woon so dierbaar hier binne my,
Daar by die kruis het Hy my ingeneem;
Ere sy Sy naam!

Ere sy Sy naam! Daardie kosbaar’ Naam!
Ere sy Sy naam! Kosbaar’ Naam!
Daar aan my hart is die bloed gewend;
Ere sy Sy naam!

184 Nou, terwyl ons hierdie volgende vers sing, skud hande met iemand voor jou, agter jou, langs jou.

Kom, na hierdie fontein so ryk en soet;
Werp jou arme siel aan die Redder's voet;
O, spring in vandag vir 'n rein gemoed;
Ere sy Sy naam!

Ere sy Sy naam! Daardie kosbaar' naam!
Ere sy Sy kosbaar' naam!
Daar aan my hart is die bloed gewend;
Ere sy Sy naam!

O, ek is lief daarvoor. En julle?

Ere sy Sy naam! Kosbaar' Naam!
Ere sy Sy naam!
Daar aan my hart is die bloed gewend;
Ere sy Sy naam!

185 O, goeiste! Ek's so bly daaroor. Is julle nie? So bly dat ek na hierdie Fontein toe kan kom, so ryk en soet, my arme siel voor die Redder se voete kan neergooi.

186 Ek onthou eendag, toe 'n klein seuntjie, omtrent agtien jaar oud, weggehardloop het van die Here. Ek het na die Weste toe gegaan, ek wou. . . My pa was 'n ruiter, en ek wou uitgaan en die perde inbreek. Net iets wat honger was in my hart. O, ek sê julle!

187 Ek het na die Baptiste prediker toe gegaan, hy het gesê: "Staan net op en sê: 'Jesus is die Seun van God,' ons sal jou naam op die boek sit." Dit het my nie bevredig nie.

188 Oral waar ek gegaan het, het iemand. . . Die Sewende Dag Adventis, het hom gaan sien, 'n gawe man, Broer Barker, lieflike broer, hy het gesê: "Billy, kom en aanvaar die Here se sabbat." (Ek het nou.) Maar hy het gesê: "Die sabbatdag." En ek het gedink: "O, goeiste, dit doen dit net steeds nie." Julle sien.

189 Ek het na die Weste toe gegaan, en ek het gedink. . . Daar ver bo-op gegaan daardie nag, ons was besig met die aanjaag. En, julle weet, jy het die saal afgehaal en jou kampsak, en dit neergelê, en jou saal gebruik vir 'n kussing. En ek het teruggelê, bo onder daardie ou dennebome daardie nag. En ek was op dagwag, en so was die nagmanne uit, besig om die beeste af te bring. En daar was 'n ou kêrel met die naam van "Slim," van Texas, hy het 'n—'n kitaar daar gehad en hy het gespeel:

Ere sy Sy naam!

190 'n Ander kêrel het 'n kam gehad met 'n stukkie papier, daardeur geblaas. [Broer Branham begin neurie, *Ere sy Sy Naam*—Red.] Hulle het ander liedere gesing, cowboy ballades, en het daardie *Onder by die Kruis* begin sing.

191 Goeiste! Ek het omgedraai, my kombers bo-oor my kop getrek soos *hierdie*. Ek het weer uitgekyk, julle weet, en gelyk asof daardie sterre reg afgehang het naby die bokant van daardie bome en daardie berge. Daardie ou ewige gefluister van daardie denne, ek kon Hom hoor roep: "Adam, waar is jy?"

192 Omtrent drie weke daarna, het ek afgegaan in die stad en al die manne het dronk geword, en ek het nie gedrink nie. Ek moes hulle almal huis toe neem, hulle op die motor stapel, enige manier. En hulle sou daar uitgaan en na mekaar se tone skiet, en al die res, en gevaarlik om veilig te wees; 'n reguit lyn daardeur getrek, en mekaar vyf dollars wed hulle kan daarop loop, en hulle kon nie op die sypaadjie loop daarbuite nie, julle weet. En dis hoe dit was totdat hulle almal nugter geword het, nadat hulle hulle geld gekry het.

193 En ek was daaronder en hulle het almal gedrink, ek het eenkant toe gegaan en gaan sit. Ek het gedink: "My, goeiste!" Omtrent vyf-en-dertig jaar gelede, of vyf-en-dertig, ek reken, vyf-en-dertig jaar gelede. En ek het daar eenkant gesit. Phoenix was 'n klein plekkie toe, ons het van Wickenburg af gekom soontoe. Ek het daaronder gesit, en daar het 'n klein Spaanse meisietjie daar deurgeloop gekom; en ek wat daar gesit het met hierdie groot hoed wat agter op my kop sit; sy het verbygekom en hierdie klein sakdoekie laat val, julle weet. Ek het gesê: "Haai, jy het jou sakdoek laat val." Ek was nie geïnteresseerd nie.

194 Ek het 'n geraas gehoor onder in die straat daar, en soontoe gegaan. En daar was 'n ou kêrel wat bekeer was van daardie ou inbreekgange daarbuite, pokmerke oraloor sy gesig, en die trane wat teen sy wange afgeloop het daar, wat sy kitaar speel, sing:

> Ere sy Sy Naam!

195 O, goeiste! Die trane wat teen sy gesig afloop, hy het gestop en gesê: "Broer, jy weet nie wat dit is totdat jy hierdie wonderlike Christus ontvang nie":

> Ere sy Sy naam!

196 En ek het daardie groot hoed afgetrek en daar het ek getrek. O, goeiste! Jy kan nie van Hom wegkruip nie. Jy kan net sowel uitkom en Hom bely. O, Hy is wonderlik! Ja, Hy is.

> Ek is so wonderbaarlik van sonde gered,
> Jesus woon so dierbaar hier binne my, (*woon* binne my)
> Daar by die kruis het Hy my ingeneem;
> Ere sy Sy naam!
>
> Ere sy Sy naam! Naam!
> Ere sy Sy naam!
> O, daar aan my hart is die bloed gewend;
> Ere sy Sy naam!
>
> O, kom, na hierdie fontein so ryk en soet;
> Werp net jou arme siel aan die Redder's voet;
> O, spring in vandag, vir 'n rein gemoed;
> Ere sy . . .

Nou kom ons buig ons hoofde, steek net ons hande op:

Ere sy Sy naam! (Glorie, glorie!)
(O God.) . . . kosbaar' Naam!
Daar aan my hart is die bloed gewend;
Ere sy Sy naam!

197 Prys God! Kom ons staan. O, net 'n oomblik; net, wag net . . . ['n Suster praat in 'n ander taal. 'n Broer gee die uitleg—Red.] Ja, Here.

198 Nou, as daar sommige sou wees wat nie weet wat dit was nie, dis Pinkster, die Heilige Gees wat spreek. Jesus het gesê: "Gaan in die hele wêreld in, verkondig die Evangelie. Vir dié wat geglo het, sal hierdie tekens volg. Met nuwe tale sal hulle praat; op siekes sal hulle die hande lê, hulle sal gesond word." Al hierdie dinge waarvan Hy praat, dit sal gebeur.

199 O, ek's so bly. Sien die Heilige Gees wat kom, daardie Woord bevestig? 'n Lig, aanvaar dit, moet—moet dit nie betwyfel nie. Ontvang dit net en Hy sal met jou werk soos 'n kind en jou net naderbring. Is dit nie lieflik van die Heilige Gees om dit te doen nie? Die Heilige Gees op ons.

200 Ek onthou eenkeer in die Bybel, hulle het nie geweet van watter kant die ding gekom het, die vyand gekom het nie, en die Heilige Gees het op 'n persoon soos daardie geval, en hulle net presies gesê waarnatoe om te gaan. En hulle het soontoe gegaan, en God het die ander leër verwar en hulle verstrooi. Dis reg.

201 O, ons lewe steeds in Bybelse dae! Nie waar nie? Amen. Altyd, solank as wat die Heilige Gees daar is.

202 O, kom ons staan terwyl ons sing:

Neem die naam van Jesus met . . . (Onthou die Boodskap.)
Kind van droefheid en van wee;
Dit bring troos en vreugde vir jou,
Neem dit oral met jou mee.

Dierb're naam, Dierb're Naam,
O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd;
Dierb're naam, Daardie dierb're Naam!
Hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd.

Neem die naam van Jesus met jou,
As 'n skild teen elk' gevaar;
As versoekings om jou saamdrom,
Spreek die heil'ge naam dan in gebed. (Prys God!)

> Dierb're Naam,
> O hoe soet!
> Aardse hoop en Hemelvreugd;
> Dierb're naam, dierb're Naam, O hoe soet!
> Aardse hoop en Hemelvreugd.

Luister na daardie vers:

> Neem die naam van Jesus met jou,
> As 'n skild teen elk' gevaar;
> As versoekings om jou saamdrom,
> Spreek die heil'ge naam dan in gebed.

O, kom ons sing dit weer:

> Neem die naam van Jesus met jou,
> As 'n skild teen elk' gevaar;
> As versoekings om jou saamdrom,
> Spreek die heil'ge naam dan in gebed.

Kom ons buig nou ons hoofde:

> Dierb're naam, dierb're Naam, O hoe soet!
> Aardse hoop en Hemelvreugd;
> Dierb're naam, O hoe soet! Hoe soet!
> Aardse hoop en Hemelvreugd.

*Die Sardis Kerktydperk* AFR60-1209
(The Sardisean Church Age)
Die Openbaring Van Jesus Christus reeks

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Vrydagaand, 9 Desember 1960, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2017 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org